

HOOFSTUK 3.

Christelike Skole met Staatsondersteuning en Kerkskole.

1882-1899.

1. Die Sinodebesluite van 1882 en 1897 en die uitwerking daarvan in die algemeen:

In April 1882 word op die Agste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk te Pretoria 'n beskrywingspunt van ds. J. de Ridder van Rustenburg behandel: "De Sijnode geve haar gevoelens te kenne over het al of niet geoorloofde, om ondersteuning aan te nemen uit 's lands kas voor Christelijke Scholen", waarop die sinode soos volg besluit: "De Sijnode is van oordeel dat ouders self het onderwijs voor hunne kinderen moet bezorgen en bekostigen, kan een kerkeraad eene kerkschool oprichten, dat doet dit namens de gemeente ter harer hulp en met hare kosten. Besluit de Regeering het onderwijs te helpen bevorderen en aan elk school, waarin voldoende onderwijs in de noodige burgerlijke wetenschappen gegeven wordt, eene toelaag uit 's lands kas toe te kennen naar een reedelijken maatstaf, dan mag eene Christelijke school die toelaag met evenveel recht ontvangen als elk andere school, behoudens onafhankelijke vrijheid in het godsdienstig onderwijs" ¹⁾.

Hier het ons dus 'n belangrike verandering van standpunt. Sover het die Gereformeerde Kerk hom nog altyd sterk ten gunste van die kerkskole uitgespreek; in 1882 formuleer hy vir die eerste maal die beginsel dat die skool moet uitgaan van die ouers, desnoods met die hulp van die kerk. Ook waar die kerk vroeër beslis teen staatsondersteuning gekant was, neem hy nou 'n baie meer gematigde houding in en keur hy dit goed dat die owerheid plaaslike

1) Notule van die Agste Sinodale Vergadering, 1882, art. 139.

inisiatief ondersteun, behoudens onbelemmerde vryheid ten opsigte van die godsdienstige ¹⁾.

Alhoewel heelwat skole op die inisiatief van die Gereformeerdes van Transvaal opgerig is na 1882, het hulle in hierdie staat vir die eersvolgende jare hul verder ook beywer vir die verbetering van die goewernements-onderwys ten opsigte van die opleiding van Christenonderwysers, en in besonder Gereformeerde onderwysers ²⁾, en die invoering en samestelling van Christelike leerboeke ³⁾ op die goewernementskole.

Ook die Gereformeerdes van die Oranje-Vrystaat het heelhartig die sinodale besluit van 1882 (art. 139) onderskryf, want ook daar was die staatskole en onderwyswette, net soos in die Transvaal, van so 'n aard dat die Gereformeerdes daar niks op teë gehad het nie ⁴⁾. Daarom is dit te begrype dat die sinode van 1885 op die beskrywingspunt van Rustenburg wat gevra het of daar 'n vereniging van skole van die Gereformeerde Kerk met ander kerkgenootskappe mag wees, besluit dat dit wel mag gebeur volgens die plaaslike en landsomstandighede ⁵⁾.

Alhoewel in die Oranje-Vrystaat op inisiatief van die Gereformeerde gemeentes skole opgerig is, het hulle hul meer daarvoor beywer om fondse bymekaar te maak ter ondersteuning van aspirant-onderwysers ⁶⁾ en ook "om eene opleidings Kerkschool ⁷⁾.

Die Kaaplandse gemeentes het egter nie kans gesien om dadelik met die sinodebesluit van 1882 (art. 139) in-

1) Cilliers, Die Geskiedenis van Enkel-, Parallel- en Dubbelmediumskole in Kaapland, 158.

2) Notule van die Algemene Vergadering van die Z.A. Republiek, 1888 art. 19.

3) Ibid, 1896, art. 42.

4) Notule van die Algemene Vergadering van die Oranje-Vrystaat, 1891, art. 18.

5) Handeling van die Negende Sinodale Vergadering, 1885, art. 90.

6) Notule van die Algemene Vergadering van die Oranje-Vrystaat, 1897, art. 7.

Ibid, 1899, artt. 52, 54.

7) Ibid, 1897, art. 24.

Ibid, 1899, artt. 13, 16, 17, 18, 19, 20, 21, 23.

- stemming te betuig nie omdat daar sekere voorwaardes was waaraan hulle nie kon voldoen nie. Vandaar dat hulle, nadat die buurt- en kerkskole tot niet gegaan het, die beweging vir die Vrywillige Beginsel ¹⁾ op skole toegepas, gesteun het ²⁾.

Etlike skole in Kaapland is dan op hierdie wyse opgerig, maar hulle kon dit op die lang duur nie volhou nie. Toe dr. L. Dale, Superintendent van Onderwys, in sy onderwysverslag van 1888 aanbeveel dat ondersteuning ook gegee moet word aan private skole, het dit die Gereformeerdes van Kaapland aangemoedig om te streef na kerkskole met staatsubsidie. Op die Algemene Vergadering van Kaapland van 1889 is die saak breedvoerig bespreek. Aangesien die meerderheid gevoel het dat die Vrywillige Beginsel tog nooit sou deurgaen nie en die regulasies van 1886 hulle vryheid toegelaat het ten opsigte van godsdiensonderwys terwyl daar onder die voorgestelde skema van staatstoelae ook nog vryheid sou wees wat betref beheer van skole, is daar besluit om dr. L. Dale se plan te aanvaar as "billijk en rechtvaardig teenover alle partijen" ³⁾. Die heer M.M. Venter se voorstel in die parlamentsitting van 1889 oor staatsteun aan vrye skole, is egter afgestem ⁴⁾.

Op die Algemene Vergadering van 1893 is 'n kommissie benoem om vir die eersvolgende vergadering 'n plan voor te lê waarvolgens die onderwyswetgewing sodanig gewysig moes word "dat ook kerkscholen uit publieke

-
- 1) Hierdie beginsel word op bl. 99 en verder gestel.
 - 2) Venter, Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika, 89.
 - 3) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, artt. 11, 14, 17.
 - 4) Cilliers, Die Geskiedenis van Enkel-, Parallel- en Dubbelmediumskole in Kaapland, 159.

fondsen ondersteund worden" ¹⁾.

Op aanbeveling van die kommissie word dan in dier voege aan die parlement voorgelê maar sonder gevolg ²⁾. Gevolglik begin die kerk sterk aan die moontlikheid dink om eie kerkskole op te rig; hy het net nog nie kans gesien om die koste alleen te dra nie ³⁾.

Die Algemene Sinodale Kerkvergadering van die Gereformeerde gemeentes van Suid-Afrika het in Maart 1897 op sy sitting te Burgersdorp, op die beskrywingspunt: „De Sijnode spreke haar gevoelens uit of het raadzaam is de kinderen onzer Kerk te laten onderwezen in een leer strijdig met de Gereformeerde leer", besluit: „De Sijnode antwoordt dat het noodzakelijk is dat er ernstig gewerkt worde tot het oprichten van Geref. Scholen" ⁴⁾. Dié saak word ook in die „Kerkblad" baie sterk bepleit ⁵⁾.

Voordat hierdie laaste besluit egter met sukses uitgevoer kon word, het die Driejarige Oorlog uitgebreek wat ook die onderwyspogings van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika tydelik tot stilstand gebring het oor die hele land.

2. Die Gereformeerde Kerk en die Onderwys in die drie Suid-Afrikaanse state afsonderlik:

a) Transvaal:

Na die teruggawe van die land in 1881 het die Transvaalse Driemanskap die Superintendentskap van onderwys aan ds. S.J. du Toit aangebied. Ds. Du Toit, 'n voorvegter

-
- 1) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1893, artt. 44, 93.
 - 2) Cilliers, Die Geskiedenis van Enkel-, Parallel- en Dubbelmediumskole in Kaapland, 205.
 - 3) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1897, artt. 17, 29.
 - 4) Handeling van die Dertiende Sinodale Vergadering, 1897, art. 157.
 - 5) De Redakteur, „Correspondentie" in „Het Kerkblad", 5 Jan. 1898...
Ibid, 1 April 1898.

vir Christelik-nasionale onderwys, het op 31 Maart 1882 hierdie pos aanvaar. Hier het die Transvaal nou 'n man gehad met dieselfde godsdienstige en nasionale oortuigings as die volk ¹⁾. Reeds voor die aanvaarding van sy amp het hy sy beginsels ten opsigte van die onderwys aan die Transvaalse owerheid voorgelê en deur hulle is aanvaar dat die onderwys nie die saak van die staat is nie maar van die ouers, en dat die staat sy bemoeiing moet beperk tot bydraes en steun volgens die aantal leerlinge en die graad van onderwys. Verder moet die staat toesig hou dat die geld gebruik word vir die vorming van goeie burgers, waarin die eis inbegryp is van suiwer Christelik-nasionale onderwys. Die oprigting van die skole is dus oorgelaat aan partikuliere inisiatief; die skool is geen staats-eiendom en die onderwysers geen staatsamptenare nie ²⁾. N. Mansvelt wat in 1891 vir ds. Du Toit opgevolg het, was dieselfde idees toegedaan en het slegs voortgebou op die algemene beginsels wat deur sy voorganger neergelê is ³⁾.

In hierdie jare was daar twee faktore wat die vrye ontwikkeling van die Gereformeerde onderwys in Transvaal gestrem het: in die eerste plek was daar die simpatieke verhouding tussen die onderwysowerheid en die Gereformeerde Kerk insake steun vir die vrye skool, en in die tweede plek die feit dat die goewernementskole self nou meer bevrediging aan die wense van die Gereformeerde ouers gegee het ⁴⁾.

Reeds op die Algemene Vergadering van Okt. 1883 kom die vraag uit Potchefstroom ter sprake of 'n lidmaat

1) Van der Schyff, Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal, 27.

2) Coetzee, Onderwys in Transvaal, 48.

3) Ibid, 58.

4) Coetzee, Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in die Transvaal, 21.

van die Gereformeerde Kerk sy kind in 'n skool van 'n ander kerkgenootskap kan laat onderwys en self ook lid van die skoolkommissie mag wees, waarop die Algemene Vergadering soos volg adviseer: „De vergadering ziet er moeilijkheid in hierop een direkt antwoord te geven daar dit afhangt van de omstandigheden, daar er gevallen kunnen zijn waar men zou kunnen overeenkom zonder bezwaar des gewetens, en juist zou iemand misschien door der Commissie te zijn zoo ingerigt krijgen dat zij geheel op het gereformeerde stelsel is en zoo kan mens tot uitbreiding van de waarheid handelen — en in zulke gevallen moet wel toegezien worden door de plaatselijke kerkeraad dat er niets in een zoodanige school zal geleerd worden dat strijdig is tegen het gereformeerde beginsel” ¹⁾.

En hiermee begin die geskiedenis van die tussenkerklike samewerking op die terrein van die skoolonderwys ²⁾.

Op die Algemene Vergadering van die volgende jaar kon die hoofbestuur van die vereniging vir Gereformeerde onderwys (wat vanaf 1883 as die subkommissie van onderwys vir Transvaal sou diens doen ³⁾) rapporteer dat dit met die onderwys goed gaan en dan word melding gemaak van 22 skole wat op inisiatief van die Gereformeerdes van Transvaal opgerig is ⁴⁾. Maar op die algemene sinode van 1885 moes die Transvaalse subkommissie van onderwys die volgende jaar rapporteer oor die toestande in Transvaal: „Het verslag van de Z.A. Republiek is

-
- 1) Notule van die Algemene Vergadering van die Z.A. Republiek, 1883, art. 16.
 - 2) Coetzee, Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in die Transvaal, 22.
 - 3) Notule van die Algemene Vergadering van die Z.A. Republiek, 1883, art. 19.
 - 4) Ibid, 1884, art. 21.

zeer gunstig, maar de Commissie ziet niet uit verslag van de Sub-Commissie of het scholen zijn by burgerlijke overeenkomst" ¹⁾. Hierdie feit is in 1887 op die Algemene Vergadering bevestig deurdat die vergadering eenparig besluit het dat „terzake het onderwijs het verslag zij dat de sub-commissie voor ditmaal niets te rapporteren heeft, omdat de Hoofd-commissie voor Onderwijs by de laatste Sijnode (1885) in haar verslag als het ware te kennen gegeven heeft dat de Z.A. Republiek geen kerkscholen had en de scholen nu maar dezelfde zijn als toen" ²⁾.

„De Vereeniging voor Gereformeerde Onderwijs" het aanhang gekry in meeste van die gemeentes, alhoewel meer aandag gegee is aan die stigting van hulpbesture as van skole ³⁾. Ook dit moet toegeskryf word aan die feit dat die Gereformeerdes gevoel het dat hulle in ds. S.J. du Toit as Superintendent te doen het met iemand wat net soos hulle oor skoolsake dink. Daarom is dit te begrype waarom die Algemene Vergadering van 1892 besluit het om die „hoofbestuur" te ontbind ⁴⁾. Maar tog het die Gereformeerdes nog gedeeltelik voortgegaan met hulle eie aksie vir Gereformeerde skole met staatsteun. Vir die eersvolgende paar jaar het hulle hul dan beywer vir die verbetering van die goewernementsonderwys ten opsigte van (1) die opleiding van Christelike, in besonder Gereformeerde, onderwysers, en (2) die invoering en samestelling van Christelike leerboeke op die goewernementsskole ⁵⁾.

1) Handeling van die Negende Sinodale Vergadering, 1885, bylaag C.

2) Notule van die Algemene Vergadering van die Z.A. Republiek, 1887, art. 44.

3) Ibid, 1882, art. 10.

Ibid, 1883, art. 11.

Coetzee, Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in die Transvaal, 20.

4) Notule van die Algemene Vergadering van die Z.A. Republiek, 1892, art. 38.

5) Coetzee, Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in die Transvaal, 23.

So gebeur dit dat in die Algemene Vergadering van 1887 ernstig gepraat word oor die noodsaaklikheid dat daarop gelet moet word dat beproefde Gereformeerde onderwysers in die gemeentes werkzaam moet wees ¹⁾. Ook in die volgende vergadering word gesprek oor die wenslikheid dat jongeliede van die Gereformeerde Kerk hulle sou bekwaam as onderwysers en insake die onderwys is besluit: „De Vergadering heeft met blijdschap gehoord de vorderingen in het onderwijs en zou gaarne zien dat de jongelingen, als onderwijzers werkzaam, opgewekt worden om jaarlijks examen voor de Alg. Vergadering te doen" ²⁾. (Die volgende jaar was N.P. Grobler die eerste persoon wat hom vir hierdie doel aangemeld het ³⁾). Van meer belang is dat die Algemene Vergadering in Des. 1893 selfs 'n „Reglement ter ondersteuning van jongelieden als onderwijzers" ⁴⁾ vastgestel en goedgekeur het. Die doel was om „jongelieden van die Gereformeerde Kerk in die Z.A. Republiek die wenschen opgeleid te worden tot onderwijzer maar het vermogen daartoe niet hebben" te ondersteun. Die jongmense moes 'n „certificaat van den Openbaren Wedstrijd van Scholen in de Z.A. Republiek" kon toon voor hulle ondersteuning kon ontvang. Hulle moes vir die 3e klas-onderwyserseksamen van die Z.A.R. studeer en sou vir 2 jaar gehelp word. Na aflegging van die eksamen moes hulle vir dieselfde tydperk in een van die Gereformeerde gemeentes in die Z.A.Republiek hulle aan onderwys wy. Daar is dan ook van

1) Notule van die Algemene Vergadering van die Z.A. Republiek, 1887, art. 41.

2) Ibid, 1888, art. 19.

3) Ibid, 1889, art. 21.

4) Sien Bylae 4 op bladsy vir die bepalinge van hierdie reglement.

nou af gereeld verslag gedoen oor die bedrae wat vir hierdie doel gekollekteer is ¹⁾.

Aandag aan die skoolboeke is gegee op die Algemene Vergadering van 1895 na aanleiding van 'n beskrywingspunt: „De Alg. Vergadering benoeme een Com. (ds. J.L. Maury; J. Bergmans, sekretaris van die Departement van Onderwys; C.G.E. Jonge, inspekteur van onderwys en 'n ouderling van wie die naam nie leesbaar was nie) om in overleg met het Departement van Onderwys aanwysing te doen van schoolboeken die door de Geref. Kerk kunnen aanbevolen worden" ²⁾. Hierdie lys van boeke is opgestel en voorgelê aan die Algemene Vergadering van 1896, wat daarvan met dank kennis geneem het ³⁾.

In 'n beskrywingspunt van Rustenburg word in 1895 gevra om voorsiening te maak in spel- en leesboeke vir sts. 1, 2 en 3 wat geskik sou wees vir die Gereformeerde Kerk in Transvaal. Di. J. de Ridder, Ph. S. Snyman en ouderling W.H.F. Dreyer word dan benoem om op die volgende vergadering in verband daarmee te rapporteer ⁴⁾. Intussen het genoemde kommissie 'n uitnodiging ⁵⁾ in die „Kerkblad" gerig aan onderwysers om sodanige boekies op te stel, onder die volgende voorwaardes: 1. Die kommissie loof 3 pryse van £3 elk (vir elke st. een) wat die Algemene Vergadering die beste ag. 2. Die boekies wat goedgekeur word deur die Algemene Vergadering, sal beskou word as eiendom van die Algemene Vergadering en die skrywer moet na ontvangs van die £3 of £9 afstand doen

-
- 1) Notule van die Algemene Vergadering van die Z.A. Republiek, 1895, art. 54.
Ibid, 1896, artt. 52, 76.
2) Ibid, 1895, artt. 42, 44.
3) Ibid, 1896, art. 44.
4) Ibid, 1895, artt. 48, 52.
5) De Redakteur, „Uitnoodiging" in „Het Kerkblad", 15 April 1895.

van die kopiereg. 3. Die boekies moet handel oor belangrike gebeurtenisse en geskiedenisverhale, veral van die Z.A. Republiek. Op die volgende vergadering is die prys toegeken aan onderwyser H. Visscher ¹⁾. Op dieselfde vergadering is dit op voorstel van die predikant van Pretoria besluit om 'n permanente kommissie te benoem wat gedurig werksaam moet wees in die verkryging van Christelik-nasionale boeke vir die onderwys van Transvaal. Die kommissie bestaan dan uit: ouderling K. van Rysse en C.G.E. Jonge en J. Bergmans ²⁾.

Nadat die sinode van 1897 ³⁾ besluit het dat Gereformeerde Kerk-skole opgerig moet word, het die Transvaalse Algemene Vergadering die volgende jaar as antwoord daarop besluit: „De Alg. Vergadering vereenigt zich met den uitgesproken wensch daar vrije kerkscholen op beginsel het zuiverst zijn, maar daar voor het tegenwoordige by de subsidie der Regeering geen bepalingen in de wet zijn die ons kerkelijk beginsel belemmeren, en wij dankbaar mogen zijn dat wij in de Z.A. Republiek Goevernementscholen mogen hebben die waarlijk Christelijk zijn — acht de vergadering het nu niet de tijd om op dit punt aan te dringen” ⁴⁾.

Om nadere besonderhede aangaande die onderwystoestande te verkry, gaan ons oor tot die behandeling van toestande in enkele gemeentes. En die eerste waaraan aandag geskenk word, is Rustenburg.

In die onderstaande tabel word die name van die skole wat van jaar tot jaar ontstaan het, met bepaalde gegewens verstrek.

-
- 1) Notule van die Algemene Vergadering van die Z.A. Republiek, 1896, art. 50.
 - 2) Ibid, art. 62.
 - 3) Handelinge van die Dertiende Sinodale Vergadering, 1897, art. 157.
 - 4) Notule van die Algemene Vergadering van die Z.A. Republiek, 1898, art. 61.

TABEL 1.

Rustenburg.

Skool.	Kerkverband van Onder- wysers.	Aantal leer- linge.	Geref. leer- linge.	Onder- steuning.
<u>1887</u> 1)				
1. Marico	Geref.	25		
2. Witrand	Geref.	29		
3. Steenboksfontein	Geref.	15		
4. Pilaansbergen		22		
5. Plaas Oosthuizen		20		
6. Olifantsnek		22		
<u>1888</u> 2)				
1. Kosterfontein		33		
2. Steenboksfontein		20		
3. Elandsrivier		25		
4. Rodekopjes		23		
5. Hogevel		23		
<u>1889</u> 3)				
1. Steenboksfontein		20		
2. Lentley's poort		24		
3. Wysfontein		26		
4. Tweerivier		26		
5. Buffelshoek		22		
<u>1891</u> 4)				
1. Dorpskool	Albei Geref.	60	11	
2. Steenboksfontein	Geref.	22		
3. Rietfontein	Geref.	16		
4. Rietvlei	Geref.	20		
5. Pilaansbergen		26		
6. Elandskraal		51		
7. Buffelshoek	Geref.	10		
8. Kosterfontein	Geref.	17		
9. Doornpoort		12		
<u>1892</u> 5)				
1. Dorpskool		70	21	
2. Doornpoort		22	18	
3. Dwarsspruit		24	20	
4. Elandskraal		33		
5. Roodekopjes		21	15	
6. Hekpoort		25	25	
7. Steenkopjes		20	20	
8. Waterkloof		17	17	

- 1) Almanak, 1887, 43.
- 2) Ibid, 1888, 42.
- 3) Ibid, 1889, 39.
- 4) Ibid, 1891, 42.
- 5) Ibid, 1892, 39.

<u>1893</u> 1)			
1. Steenboksfontein	Geref.	21	21
2. Doornpoort		17	14
3. Kosterfontein	Geref.	26	19
4. Waterkloof		25	25
5. Wyksfontein	Geref.	26	
6. Beestkraal		9	
7. Marico	Geref.	10	10
8. Pilaansbergen		16	14
9. Boekenhoudsfontein		17	
<u>1894</u> 2)			
1. Buffelshoek	Geref.	18	
2. Kosterfontein	Geref.	30	25
3. Doornpoort	Geref.	16	16
4. Hekpoort	Geref.	21	11
5. Waterkloof		30	
6. Bulhoek	Geref.	7	
7. Dorpskool	Geref.	29	11
<u>1895</u> 3)			
1. Dorpskool	Geref.	45	13
2. Rietfontein	Geref.	20	20
3. Doornkrans	Geref.	10	10
4. Steenboksfontein	Geref.	30	27
5. Boekenhoutsfontein	Geref.	33	20
6. Cijferfontein		9	4
7. Hekpoort	Geref.	30	30
8. Steenkopjes	Geref.	14	9
9. Elandskraal	Geref.	20	20
10. Roodekopjes	Geref.	30	19
11. Waterval	Geref.	19	19
<u>1896</u> 4)			
1. Dorpskool	Geref.	41	14
2. Wyshoek	Geref.	16	14
3. Driefontein	Geref.	22	20
4. Boekenhoutsfontein	Geref.	28	26
5. Buffelshoek	Geref.	28	28
6. Klipfontein	Geref.	27	27
7. Wysfontein	Geref.	29	29
8. Waterkloof	Geref.	26	
9. Wonderkopje	Geref.	30	30
10. Roodekopjes	Geref.	19	
11. Steenboksfontein	Geref.	28	25
12. Rietvlei	Geref.	20	20
13. Brakspruit	Geref.	10	10
14. Buffelshoek	Geref.	15	15
15. Klipfontein	Geref.	27	27
16. Nooitgedacht	Geref.	15	12
<u>1897</u> 5)			
1. Dorpskool	Albei Geref.	38	16
2. Buffelshoek	Geref.	24	24

- 1) Almanak, 1893, 40.
- 2) Ibid, 1894, 43.
- 3) Ibid, 1895, 49.
- 4) Ibid, 1896, 51.
- 5) Ibid, 1897, 49.

3. Kosterfontein	Geref.	20	20
4. Doornpoort		29	24
5. Rietfontein	Geref.	29	27
6. Lindleyspoort	Geref.	30	28
7. Krokodildrif	Geref.	28	20
8. Waterkloof	Geref.	40	38
9. Roodekopjes	Geref.	16	16
10. Wonderkopjes	Geref.	25	20
11. Buffelsfontein	Geref.	9	9
12. Rhenosterfontein	Geref.	20	12

1898 1)

1. Dorpskool	Albei Geref.	35	27
2. Commissiedrift	Geref.	24	24
3. Waterkloof	Geref.	32	30
4. Bulhoek	Geref.	26	23
5. Wysfontein	Geref.	26	25
6. Lindleyspoort	Geref.	28	18
7. Zoutpansdrift		30	17
8. Klipfontein	Geref.	23	11
9. Waterval	Geref.	30	16
10. Steenboksfontein	Geref.	12	12
11. Ottersfontein	Geref.	16	6
12. Rietvlei		30	15
13. Kosterfontein	Geref.	30	26
14. Doornpoort		43	23
15. Elandskraal	Geref.	20	20
16. Roodekopjes	Geref.	26	
17. Witrand		26	17
18. Modderfontein		29	29
19. Driefontein		30	30

private skool

1899 2)

1. Dorpskool	Albei Geref.	51	40
2. Doornpoort	Albei Geref.	42	22
3. Kosterfontein	Geref.	30	25
4. Zoutpansdrift	Albei Geref.	54	36
5. Beeskraal	Geref.	25	20
6. Waterkloof	Geref.	30	27
7. Boschfontein	Geref.	30	8
8. Modderfontein	Geref.	22	12
9. Kwarifontein	Geref.	7	7
10. Paardekraal	Geref.	30	21
11. Waterkloof	Geref.	22	20
12. Bulhoek	Geref.	23	20
13. Wysfontein	Geref.	22	22
14. Rietvlei		30	15
15. Wagenboomskop	Geref.	17	17
16. Ottersfontein	Geref.	6	6
17. Elandskraal	Geref.	30	29
18. Roodekopjes	Geref.	12	12
19. Rhenosterfontein		10	8
20. Waterval	Geref.	30	15
21. Driefontein		30	30

private skool

private skool

1) Almanak, 1898, 52.
2) Ibid, 1899, 65.

Uit bostaande vergelyking kan ons waardevolle gevolgtrekkings maak: 1. Daar was 'n voortdurende toename in die aantal skole wat opgerig is op inisiatief van die Gereformeerdes. Vanaf 1887 het die aantal gestyg van 7 skole in hierdie gemeente tot 21 in 1899.

2. Dit is ook opmerklik dat Gereformeerde onderwysers (elkeen se naam word elke jaar genoem) aanvanklik maar min in getal was. In 1887 was daar in die 7 skole slegs 3 Gereformeerdes werksaam terwyl die getal in 1899 aangegroei het tot 21 Gereformeerdes in die 21 skole.

3. Wat die getalle van die leerlinge betref, is dit opmerklik dat eers vanaf 1892 die kindertotaal geplaas word langs die totale aantal Gereformeerdes in feitlik elke skool. Tot 1895 was die verskil tussen die twee totale taamlik groot, terwyl dit vanaf 1896 al kleiner word.

4. Tot 1897 was al die skole waarskynlik staatsondersteunde skole, terwyl dit vanaf 1898 spesifiek genoem word. In hierdie jaar vind ons dan slegs een private skool terwyl die volgende jaar daar al twee private skole was teenoor die 19 (wat hier uitdruklik genoem word), wat goewernementsondersteuning geniet het. Die gemeente Potchefstroom: In sy verslag aan die Algemene Vergadering kon Potchefstroom se kerkraad in 1883 getuig: „Met het onderwijs diende het wel beter te gaan, vooral daar de regeering des lands hetzelve wil ondersteunde". Verder word vermeld dat in die wyke Schoonspruit, Maquassie, Hartsrivier en Kliprivier hulpbesture gekies is volgens die skema vir Gereformeerde onderwys ¹⁾.

1) Potchefstroomse Kerkraadsnotule, 15 Sept. 1883, art. 11.

Dat die hulpbesture goeie werk verrig het, is duidelik te merk uit die verslag aan die Algemene Vergadering van die volgende jaar toe gerapporteer is dat in die gemeente 4 buurtskole bestaan. Verder word skriftelike verslag ingedien van die skole Elandskuil, Buffel-doorns en Roodepoort. Verder het die kerkraad mondelinge berig ontvang dat 'n skool op Klipspruit opgerig is met 20 leerlinge onder meester J. van der Werff ¹⁾. In die volgende jaar se verslag word gemeld van vordering aangesien daar nou vyf skole in die gemeente bestaan ²⁾. Ook die verslag van 1893 toon nog steeds vooruitgang, want in daardie jaar het daar 6 skole in die gemeente bestaan waarin 93 kinders van die gemeente onderwys ontvang ³⁾.

In 1895 was daar nie minder as 156 kinders van die gemeente wat onderwys ontvang nie ⁴⁾ terwyl in die volgende jaar se verslag melding gemaak word van 210 kinders van die gemeente wat onderwys ontvang en dat dit met die opvoeding van die jeug redelik gaan ⁵⁾.

Die gemeente Pretoria: Reeds op die vergadering van 21 Julie 1882 benoem die kerkraad van Pretoria „tot commissie des kerkraads in zake het onderwijs den predikant en de twee oudste ouderlingen” ⁶⁾. Daar is dadelik aan die werk gespring en geywer vir die oprigting van skole, en op 12 Okt. kon al gerapporteer word: „de hulpbesturen zijn in verschillende wijken gekozen, en pogingen worden aangewend voor de oprichting van scholen” ⁷⁾. Tien maande

1) Potchefstroomse Kerkraadsnotule, 2 Okt. 1884, artt. 13, 15.

2) Ibid, 26 Sept. 1889, art. 23.

3) Ibid, 22 Des. 1893, art. 9.

4) Ibid, 28 Des. 1895, art. 14.

5) Ibid, 1896, art. 12.

Coetzee & Coetzee, Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom, 46.

6) Pretoriase Kerkraadsnotule, 19 Okt. 1894, art. 10.

7) Ibid, 12 Okt. 1882, art. 8.

later kon aan die Algemene Vergadering al gerapporteer word: „Er zijn reeds 3 wykscholen en in de andere wijken pogingen aan het werk om scholen op te richten" ¹⁾.

Daar was vooruitgang te bespeur. Oor die onderwys van die jeug kon op die vergadering in Sept. 1887 gerapporteer word dat daar 8 skole in die gemeente is onder die bestuur van die kerk „daar de commissie leden dien sholen door de gemeente gekozen zijn — behalwe andere scholen die opgericht zijn in medewerking met anderen — altoos in dien geest dat niets in de school onderwezen worde strijdig met de Geref. leer. De kerkraad kan in het algemeen voortgaang bespeuren in het onderwijs, en is ook van de scholen bepaald behorende tot de gemeente verzekerd van goed Christelik onderwijs — daar ook zelfs twee ouderlingen der gemeente in den laatsten tyd als onderwijzers bezig zijn" ²⁾.

In 1889 kon die kerkraad aan die Algemene Vergadering rapporteer dat daar 12 gemeenteskole bestaan ³⁾. Twee jaar later was onderwystoestande nog beter toe gerapporteer is dat skole in al die wyke van die gemeente bestaan en in sommige wyke meer as een. In die 16 skole is nou nie minder as 221 kinders van die gemeente. Voorts word verklaar: „De onderwijzers zijn meestal bekwame gedeploomeerde onderwijzers grootendeels leden onzes kerk en verder van goed Christelik beginsel. Het onderwijs in de meeste dezer scholen wat beheft lager en middelbaar onderwijs is bevredigend" ⁴⁾.

Om die onderwys op 'n Christelike grondslag te hou, moes daarvoor die nodige boeke gevind word. Vandaar

-
- 1) Pretoriase Kerkraadsnotule, 6 Julie 1883, art. 10.
2) Ibid, 10 Sept. 1887, art. 4.
3) Ibid, 4 Okt. 1889, art. 8.
4) Ibid, 7 Nov. 1891, art. 6.

dat die leraar die groot belang daarvan beklemtoon ¹⁾.
Hy wys daarop dat die goewernement niks in die weg sal lê om die invoer van goeie boeke te verhinder nie. Ook wys hy daarop dat die Departement van Onderwys die uitgesproke offisiële gevoel van die Gereformeerde Kerk sal respekteer, en die boeke beskikbaar sal stel. In hier voege stuur die kerkraad dan 'n beskrywingspunt na die Algemene Vergadering: „De Algemeene Vergadering benoeme eene commissie om in overleg met het departement van Onderwijs aanwijzing te doen van schoolboeken die door de Geref. Kerk kunnen worden aanbevolen” ²⁾. Pretoria stuur ook 'n tweede beskrywingspunt na die Algemene Vergadering wat skoolkommissies op die hart druk: „geene onderwijzers aan te nemen voordat de respectiewe kerkeraad van die onderwijzers kennis genoem heeft, en onderzocht heeft of zij op grond van de Geref. Belijdenis kunnen aanbevolen worden” ³⁾.

Albei die beskrywingspunte is behandel op die Algemene Vergadering in Jan. 1895. Op die eerste word dan so 'n kommissie benoem ⁴⁾ en op die tweede word slegs besluit om daaraan gevolg te gee ⁵⁾.

In die rapport oor onderwys aan die „Almanak” gestuur, word in dié verband darem ook gedurig gerapporteerd dat onderwysers verkry kan word van die opleidingskool in Pretoria waar 'n aantal kinders van die gemeente is. Van hierdie skool kan, volgens die kerkraad, met vrymoedigheid gebruik gemaak word ⁶⁾.

-
- 1) Pretoriase Kerkraadsnotule, 21 Des. 1894, art. 2.
 - 2) Ibid, art. 2.
 - 3) Ibid, art. 2.
 - 4) Notule van die Algemene Vergadering van die Z.A. Republiek, 1895, art. 42.
 - 5) Ibid, art. 43.
 - 6) Almanak, 1891, 40.

Die onderwys het steeds gevorder en in 1898 kon melding gemaak word van nie minder as veertien skole nie ¹⁾, terwyl hierdie gemeente die volgende jaar kon vermeld dat daar nou 18 skole in die gemeente bestaan ²⁾.

Nog in dieselfde jaar het die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek en het alle onderwyspogings in die Transvaal tydelik tot stilstand gekom.

b) Die Oranje-Vrystaat:

Die subkommissie van Onderwys van die Oranje-Vrystaat het as kommissie niks gedoen nie; elke keer word maar net gerapporteer dat niks ontvang is nie ³⁾. Die skole wat wel opgerig is, het uitgegaan op die inisiatief van plaaslike gemeentes. Waarom geen inisiatief uitgegaan het van die subkommissie nie, is wel te verstane, want soos ouderling S.J. Venter getuig het, was daar op die goewernementskole niks te sê nie. Ds. M. Pelser wys egter daarop dat, alhoewel die goewernement baie hulp verleen, daar nogtans niks gedoen word van die kant van die gemeentes om skole op te rig nie ⁴⁾. Deurgaans het die gemeentes van die Oranje-Vrystaat hulle nie veel gesteur aan die oprigting van skole nie.

Op die Algemene Vergadering van 1895 is besluit om 'n kas op te rig ter ondersteuning van behoeftige persone wat onderwysers wou word ⁵⁾. Die volgende jaar is bepaal dat sodanige persoon eers in besit van 'n St. VII-sertifikaat van die Oranje-Vrystaat moet wees alvorens hy ondersteuning kon verwag ⁶⁾, en in 1899 is dit verander tot

1) Almanak, 1898, 53.

2) Ibid, 1899, 66.

3) Notule van die Algemene Vergadering van die Oranje-Vrystaat, 1883, art. 11.

Ibid, 1885, art. 27.

Ibid, 1886, art. 27.

4) Ibid, 1891, art. 24.

Ibid, 1892, art. 18.

5) Ibid, 1895, art. 11.

6) Ibid, 1897, art. 7.

die sertifikaat van „Openbaren Exámen" van die Oranje-Vrystaat, Matrikulasie van Kaapland of die Tweedeklas-¹⁾ onderwyserseksamen van Transvaal .

In 1895 word ds. A. Coetsee en ouderlinge H.T. Venter en J.C. Coetzer gekies om 'n kommissie uit Kaapland te ontmoet om te besluit of dit moontlik sou wees dat Kaapland en die Oranje-Vrystaat saam 'n Gereformeerde²⁾ gimnasium oprig. Die volgende jaar word weer 'n kommissie, bestaande uit di. A. Coetsee, L.J. du Plessis en ouderlinge H. Venter en J.J. Bloem, gekies om met Kaapland te onderhandel „ten einde zamen te werken om de verdere werkzaamheden tot een volledig plan gereed te maken" ³⁾. Hierdie twee kommissies van die Algemene Vergaderings van Kaapland en die Oranje-Vrystaat kon egter nie finaliteit bereik nie en daarom is die volgende jaar weer dieselfde kommissie benoem om saam met Kaapland finaliteit te probeer verkry ⁴⁾.

In 'n beskrywingspunt vir die Algemene Vergadering vra Ladybrand in 1897 na aanleiding van die oprigting van 'n kas vir behoeftige studente wat onderwysers wou word; dat die vergadering moet „overwege of het nie wenschelijk en mogelijk zij, om eene opleidings Kerkschool in den Oranje-Vrystaat te stichten, waar in kweekelingen onderwezen kunnen worden, zeg tot standaard VI of VII". Die vergadering besluit egter om, met die oog op die onderhandelinge met die Algemene Vergadering van Kaapland, saam die „lager Litt. departement" aan die

1) Notule van die Algemene Vergadering van die Oranje-Vrystaat, 1899, art. 52.

2) Ibid, 1895, art. 27.

3) Ibid, 1896, art. 10.

4) Ibid, 1897, art. 11.

Teologiese

/Skool oor te neem, die saak uit te stel tot die volgende jaar se vergadering ¹⁾. Die volgende jaar is egter besluit om die saak vir nog 'n jaar uit te stel ²⁾. Intussen sou 'n kommissie bestaande uit di. L.J. du Plessis, M. Postma en ouderling B.J. Snyman ³⁾ die Superintendent van Onderwys ontmoet om te verneem in hoeverre die Gereformeerde Kerk enige seggenskap sal hê in die bestuur van so 'n inrigting ⁴⁾. Die volgende jaar (1899) het die kommissie gerapporteer dat hulle die opdrag uitgevoer het en dit blyk "dat er vooreerst geen bestuur van Curatoren of Commissie zal bestaan over die school dewijl dat departement onder zijn direkt bestuur als Superintendent vooreerst zal bestaan". Nogtans het hy beloof om die kommissie gedurig op hoogte te hou met die vordering van die saak. Volgens die Superintendent sal die Volksraad waarskynlik beslis watter kommissie vir die bestuur aangestel sal word en hoe ⁵⁾.

Om nadere besonderhede aangaande die onderwystoestande te verkry, gaan ons nou oor tot die behandeling van toestande in enkele gemeentes. En die eerste waaraan aandag geskenk word, is Bethulie.

In sy verslag aan die Algemene Vergadering kon hierdie gemeente in 1882 vermeld dat "De opvoeding en het onderwijs laat veel te wenschen" ⁶⁾. Wat die toestand insake die onderwys in hierdie gemeente twee jaar later presies was, is nie duidelik nie, want in sy verslag aan die Algemene Vergadering word slegs vermeld dat

-
- 1) Notule van die Algemene Vergadering van die Oranje-Vrystaat, 1897, art. 24.
 - 2) Ibid, 1898, art. 23.
 - 3) Ibid, 1898, art. 19.
 - 4) Ibid, 1898, art. 21.
 - 5) Ibid, 1899, art. 13.
 - 6) Bethuliese Kerkraadsnotule, 6 Jan. 1882, art. 4.

dit taamlik goed gaan ¹⁾.

Dit was eers in 1887 dat 'n kommissie uit die kerkraad benoem word ten einde kerkskole in die gemeente op te rig ²⁾. Maar dit was nie voor die einde van die volgende jaar dat resultate van die kommissie gesien kon word nie, toe gerapporteer is dat daar een skool met ³⁾ meester H.T.J. Vorster opgerig is met 12 leerlinge. Hierdie skool het slegs vir 'n paar maande bestaan waarna die kerkraad aan die Algemene Vergadering moes rapporteer dat sowat 50 kinders van die gemeente onderwys ontvang in goewernementsskole in die distrik ⁴⁾. Alhoewel hulle niks te kla het nie, noem die kerkraad in hul verslag aan die Algemene Vergadering 3 jaar later selfs geen ⁵⁾ getal eers van skoolgaande kinders in die gemeente nie.

Vanaf 1895 het toestand in hierdie gemeente aanmerklik verbeter. In daardie jaar is aan die Algemene Vergadering vermeld dat 45 kinders van die gemeente skoolgaan in ⁶⁾ 4 wykskole wat almal goewernementsondersteuning ontvang. Twee jaar later was die posisie aanmerklik beter toe melding gemaak kon word van 2 goewernementsskole en sewe private skole waarin 85 kinders van die gemeente onderwys ontvang ⁷⁾.

Die gemeente Reddersburg: Tot in 1886 was daar in Reddersburg se gemeente geen skole wat deur die Gereformeerdes opgerig is nie. In April van die volgende jaar stel die leraar aan die kerkraad bekend dat A. Botha die kerkraad se toesig vra vir 'n skool op sy plaas, wat hom dan ook

1) Bethuliese Kerkraadsnotule, 6 Des. 1884, art. 11.

2) Ibid, 24 Maart 1887, art. 6.

3) Almanak, 1888, 43.

4) Bethuliese Kerkraadsnotule, 21 Maart 1889, art. 6.

5) Ibid, 1893, art. 9.

6) Ibid, 15 Maart 1895, art. 17.

7) Almanak, 1897, art. 49.

toegesê word ¹⁾.

Vir etlike jare was dit die enigste skool in hierdie gemeente en wat onder toesig van die kerkraad gestaan het. Dit was eers drie jaar later dat die saak van die onderwys aangeroeer is toe die kerkraad besluit het om lyste op te stel en deur die gemeente te laat teken om te kyk of 'n skool op die dorp of een in die distrik opgerig kon word ²⁾. Die lyste is egter swak geteken sodat slegs £40 gevind is. Die kerkraad besluit dan om weer die lyste deur die gemeente te neem om te kyk of dit hierdie keer nie beter sou vaar nie ³⁾. Maar ook hierdie keer sou dit nie veel beter gaan nie; tesame is daar 'n bedrag van £38 gevind. Daarop word besluit om „de ouders op te scherpen” ⁴⁾. Daarby sou dit dan ook bly tot in 1898 toe berig is dat daar nou 4 private skole bestaan met 40 kinders van die gemeente, terwyl daar in 6 goewernementskole 204 kinders van die gemeente onderwys ontvang ⁵⁾. Die volgende jaar word melding gemaak van 8 goewernementskole met 204 en 2 private skole met 34 kinders van die gemeente ⁶⁾.

Die gemeente Ventersburg: Van die eerste daadwerklike optrede om iets te doen insake onderwys in die Ventersburgse gemeente, lees ons in 1887: „De leeraar vraagt de consistorie om school in te houden, die zaak voor de Gemeente gehacht zijnde word algemeen toegestemd” ⁷⁾.

Wat intussen van hierdie voorneme geword het, is onbekend. Eers in 1891 in sy verslag aan die Algemene

-
- 1) Reddersburgse Kerkraadsnotule, 14 April 1887, art. 13.
 - 2) Ibid, 14 Feb. 1890, art. 16.
 - 3) Ibid, 15 Aug. 1890, art. 11.
 - 4) Ibid, 14 Nov. 1890, art. 5.
 - 5) Almanak, 1898, 56.
 - 6) Ibid, 1899, 70.
 - 7) Ventersburgse Kerkraadsnotule, 1 Julie 1887, art. 12.

Vergadering verklaar hierdie gemeente dat dit beter gaan met die onderwys aangesien die goewernementskole goed¹⁾ bygewoon word . Ook 2 jaar later rapporteer hierdie gemeente aan die Algemene Vergadering dieselfde as in²⁾ 1891 .

Dat die kerkraad nie heeltemal tevrede was met die toestand nie, blyk baie duidelik uit die kerkraadsnotule in 1895 toe daar besluit is dat die verskillende wyke moet probeer om skole op te rig³⁾ . In hierdie jaar nog word daar dan 'n skool op Modderbult opgerig⁴⁾ . Twee jaar later word skole ook by Sameloop en Schilderykrans opgerig, 2 goewernementskole wat bygetel is as skole wat opgerig is op inisiatief van die Gereformeerdes⁵⁾ . Hierdie twee skole het egter weer die volgende jaar gesluit⁶⁾ , en sou voortaan net gebruik gemaak word van goewernementskole.

Die gemeente Petrusburg: Die gemeente van Petrusburg is die enigste in die Oranje-Vrystaat, sover ons kennis strek, waar 'n Vrye Christelike Skool opgerig is, nl. onder meester Dirk Venter met 31 kinders. Hierdie skool het egter net vir een jaar bestaan⁷⁾ .

Ook in hierdie gemeente is vordering gemaak met die onderwyssaak, want die volgende jaar (1893) word melding gemaak van 'n private skool met 13 kinders wat in die distrik onder meester J. van der Merwe bestaan het.⁸⁾

-
- 1) Ventersburgse Kerkraadsnotule, 25 Des. 1891, art. 1.
 - 2) Ibid, 1 Des. 1893, art. 10.
 - 3) Ibid, 5 Julie 1895, art. 6.
 - 4) "Het Kerkblad", 15 Okt. 1895, 1.
 - 5) Ventersburgse Kerkraadsnotule, 1 Feb. 1896, art. 5.
 - 6) Almanak, 1897, 49.
 - 7) Ibid, 1892, 42.
 - 8) Ibid, 1893, 42.

Twee jaar later was daar 2 private skole in die distrik, t.w. een op Witdam met 19 kinders van die gemeente en met C.W.R.Z. Bronkhorst as onderwyser; asook een op Kaffer-¹⁾dam met 9 Gereformeerde kinders onder meester D.J. Venter. In 1898 word melding gemaak van 'n private skool te Rustplaats waar F. Venter 18 kinders van die gemeente onderwys en een te Zwaarhoek waar 20 kinders was. Verder was daar in die distrik ook 2 goewernementskole ²⁾. In 1899 was daar slegs een private skool in hierdie gemeente en wel op Zonderzorg onder meester D.J.F. Venter met 19 kinders van die gemeente ³⁾.

Nog in dieselfde jaar het die Tweede Vryheids-oorlog uitgebreek waaraan ook die Oranje-Vrystaat deelgeneem het en is alle onderwyspogings tydelik tot stilstand gebring.

c) Kaapland:

Alhoewel die sinode van 1882 besluit het dat Christelike skole staatshulp kon aanvaar "behoudens onafhankelik vryheid in het godsdiensonderwijs" ⁴⁾, het Kaapland se gemeentes op hierdie stadium nie kans gesien om van staatsteun gebruik te maak nie, aangesien daar sedert 1839 nog nie ander en meer aanneemlike voorwaardes gestel is waaronder staatsteun toegesê word nie. Daarom het die Kaaplandse gemeentes na die ondergang van die buurt- en kerkskole die beweging vir die Vrywillige Beginsel soos op skole toegepas, gesteun ⁵⁾.

Om die Vrywillige Beginsel beter te verstaan, is dit nodig om bietjie terug te gaan in die geskiedenis.

1) Almanak, 1895, 50.

2) Ibid, 1898, 57.

3) Ibid, 1899, 56.

4) Handeling van die Agste Sinodale Vergadering, 1882, art. 139.

5) Venter, Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika, 89.

Onder die Hollandse bewind was kerk en staat nou aan mekaar verbind. Dit was die plig van die owerheid om predikante te verskaf en hul salarisse te betaal. Die selfde toestand het ook onder die Engelse bewind geheers, aangesien dit een van die voorwaardes vir die oorgawe was. Maar in 1875 het die Kaapse Parlement "Die Vrywillige Beginsel" aangeneem ten opsigte van die kerk. Dit het ingehou dat ondersteuning van staatsweë opgehou het en die kerke moes van nou af in hulle eie behoeftes voorsien ¹⁾. Hierdie beginsel wou veral die Gereformeerdes nou ook toegepas hê op die onderwys.

Soos reeds vroeër genoem is, was ds. G.W.A. van der Lingen die eerste kampvegter wat hom teen die Engelse onderwysbeleid verset het. Hy het dit veral gehad teen die taal- en godsdiensoepaling daarvan en teen die staatskool as sodanig. (Alhoewel hy predikant van die N.G. Kerk was, was hy nie ten gunste van sy kerk se beleid van algemene christelike staatskool nie ²⁾). Met groot opofferings het ds. Van der Lingen toe 'n gimnasium (Vrye Christelike Skool) in die Paarl opgerig waarin Hollands een van die vernaamste vakke was en die geskiedenis en aardrykskunde van Suid-Afrika 'n ereplek ingeneem het ³⁾.

Maar ook op ander plekke het vrye Christelike skole verrys as reaksie teen die uitsluiting van godsdiensonderwys uit die staatskole. So het ook ds. W.P. de Villiers te Beaufort-West een opgerig. Daar is hierdie kwessie van soveel belang geag dat ds. De Villiers hom later laat oorhaal het om hom vir die

1) Venter, Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika, 49.

2) Ibid, 64.

3) Ibid, 30.

Parlement verkiesbaar te stel sodat hy die saak daar kon gaan bepleit. Sy eerste pleitrede in die Parlement hou hy dan in 1879 en vra dat staatsteun ook aan Christelike skole gegee moes word. In 1881 het hy weer in die Parlement voorgestel dat staatstoelae ook aan vrye Christelike skole gegee moes word, egter sonder sukses ¹⁾.

In die Paarlse gimnasium is ook die latere ds. S.J. du Toit (ook 'n predikant van die N.G. Kerk) opgelei, 'n man wat sterk onder die invloed van ds. Van der Lingen gestaan het. Na die voltooiing van sy studies aan die Stellenbosche Kweekskool, word ds. Du Toit beroep na die gemeente Noorder-Paarl, wat bestaan het uit die volgelinge van ds. Van der Lingen.

In 1881 het die „Patriot“, koerant van ds. Du Toit petisies uitgestuur vir Hollands in skole en in die Parlement en ook een vir 'n „skool met die Bybel“. Hierdie petisies is ook gestuur aan prof. D. Postma te Burgersdorp. Die professor van die Teologiese Skool antwoord hierop dat hulle (die Gereformeerdes) saam met hul geesverwante met vrymoedigheid die eerste twee petisies onderteken, maar dié vir 'n skool met die Bybel, nie: Niemand, volgens die professor, kan daar meer voor voel as hy dat die Bybel onbelemmerd in die skool gebruik word nie. „..... Hy moet — wat hij werkelijk is — ook in de school het Boek der Boeken zijn“, maar hy verlang ook dat die Bybel in die skool gelees en verklaar word onder vertroude toesig. „..... welk toezicht wij van ons staatsbestuur bij de tegenwoordige constitutie niet kunnen verwachten nog vragen. Liever zouden wij zien dat de staat net zoo min de School als eenige Kerk besoldigde en

1) Venter, Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika, 40, 41, 42.

de school overliet aan elk Kerk of particuliere onderneming, de staat behoudende het recht van promoveeren van hun die aanspraak willen maken of staatsambten of op bewijzen van bekwaamheid, geldig bij het staatsbestuur. Dan is de school in het godsdienstige geheel vrij en onbelemmerd. Was de staat hier nooit schoolmeester geweest, dan zouden de Kerkgenootschappen en particuliere vereenigingen zich zeker krachtig ontwikkeld hebben en men was nooit in de vernederende positie gekomen om van den Staat zooals die nu bestaat een Bijbel in de school te vragen. Laat ons streven naar eene volmaakte vrijheid in de school zoowel als in de Kerk" ¹⁾.

Die „Patriot" het na aanleiding van die brief uit Burgersdorp geskryf dat die beginsel goed was maar dat die land daarvoor nog nie ryp was nie ²⁾. Prof. D. Postma se brief het dan ook reeds die volgende jaar sy vrugte afgewerp toe die „Patriot" 'n kragtige artikel oor die Vrywillige Beginsel skryf en in sy slot die gedagte uitspreek dat die Vrywillige Beginsel op skole toegepas moet word net soos op die kerke; die staat moet net so min vir die skoolmeesters as vir die predikante betaal. Hierop volg dan weer 'n vorm waarvolgens petisies ingerig moet word ³⁾ om aan die Parlement voor te lê.

In 1884 is talryke getekende petisies ingedien by die Parlement, dog sonder enige sukses. Maar dit het die stryd vir die Vrywillige Beginsel nie verlam nie. In 1885 het die professor in die Teologiese Skool en die predikant van die Gereformeerde gemeente Burgersdorp, ondersteun deur die Albertse Bondstak, ook 'n petisie ingedien ⁴⁾. Maar ook van hierdie petisie het niks gekom

1) Venter, Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika, 49.

2) Ibid, 50.

3) Ibid, 51.

4) Sien Bylae 5 op bladsy XIV vir hierdie petisie.

1)
nie .

In die „Maandbode“ van 1886 is 'n artikel uit „De Roeper“, die blad van die Gereformeerdes in Nederland, oorgeneem waarin die Nederlandse Gereformeerdes omtrent hierdie petisie van Burgersdorp sê: „Onze broeders in Zuidafrika bewijzen het volkome met ons te zijn in betrekking tot subsidie en restitutie aan Kerk en School“²⁾. (Omstreeks 1875 het 'n klein groepie voorstanders van die Christelike skool in Nederland onder leiding van Brummelkamp, Lindeboom e.a. hulle verset teen finansiële steun van die owerheid. Van subsidie het hulle staatsinmenging gevrees in die interne lewe van die skool en het hulle gekeer teen dr. Kuyper en Lohman, wat gestry het vir die regsgelykheid teenoor die staatskas. Na dié voorbeeld wou hulle skole hê, wat volkome los van die staat sou staan en geheel uit eie middels onderhou sou word)³⁾.

Na aanleiding van hierdie petisie het 'n heftige pennestryd ontstaan tussen di. W.P. de Villiers en M.P.A. Coetsee (jr.) (Gereformeerde predikant van Burgersdorp) wat die Vrywillige Beginsel verdedig het en dr. S. Hofmeyer wat as verdediger van die staatskool opgetree het⁴⁾.

Ook is die Vrywillige Beginsel sterk gepropageer in die kerklike organe en het die Gereformeerdes hul sterk uitgespreek ten gunste van hierdie beweging⁵⁾. Maar dit het nie net by woorde gebly nie. In Burgersdorp en Middelburg, sowel as in Philipstown, word Vrye

-
- 1) Venter, Die verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika, 56.
 - 2) De Redakteur, „Informasie voor „De Roeper“ in „De Maandbode“, 1 Julie 1886.
 - 3) Venter, Die Verband tussen die Kerk en Skool in Suid-Afrika, 89.
 - 4) Ibid, 56.
 - 5) De Redakteur, „Het Vrywillige Beginsel ook op de School toe te passen“ in „De Maandbode“, 1 Nov. 1885.
De Redakteur, Spr. 22.6“ in „De Maandbode“, 1 Des. 1885.
Ibid, „De Gouvernements-School“ in „De Maandbode“,

Christelike skole op inisiatief van die Gereformeerdes opgerig, skole wat dit egter op die lang duur nie teen die goewernementskole kon volhou nie.

Dr. L. Dale, Superintendent-Generaal van Onderwys, se voorstel in sy jaarverslag van 1888 dat staatsteun onder sekere voorwaardes ook aan private skole¹⁾ gegee sou word, is op die Algemene Vergadering van 1889 breedvoerig bespreek. Aangesien die meerderheid gevoel het dat die Vrywillige Beginsel tog nooit sou deurgaen nie en die regulasies van 1886 hulle baie vryheid gelaat het ten opsigte van godsdiensonderwys terwyl daar onder die voorgestelde skema van staatstoelae ook nog vryheid sou wees wat betref die beheer van skole, is daar besluit om dr. Dale se plan te aanvaar as „billijk en rechtvaardig teenover alle partijen”²⁾. Die heer M.M. Venter se voorstel in die Parlementsitting van 1889 insake staatsteun aan vrye skole is egter afgestem³⁾.

In 1890 is die saak van vrye Christelike skole bespreek en 'n kommissie (di. M.P.A. Coetsee (jr.), W.J. Snyman en M. Postma) benoem om daaroor verslag uit te bring⁴⁾. As uitvloeisel van hulle aanbeveling van 26 Nov. 1890 het die Algemene Vergadering van 1891 besluit dat die gemeentes, met inagneming van die besluit van 1882 (art. 139), gebruik kon maak van regeringsteun (art. 1). Die leergang sou bestaan uit Bybelgeskiedenis, lees, skryf, rekene, Hollands en Engels, taalwerk en vertaling, Geskiedenis en Aardrykskunde van Suid-Afrika

-
- 1) Cilliers, Die Geskiedenis van Enkel-, Parallel en Dubbelmediumskole in Kaapland, 159.
 - 2) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1889, artt. 11, 14, 17.
 - 3) Cilliers, Die Geskiedenis van Enkel-, Parallel en Dubbelmediumskole in Kaapland, 159.
 - 4) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1890, artt. 26, 29.

terwyl die voertaal Engels of Hollands kan wees, na gelang die skoolkommissie besluit (artt. 2, 3). Om die stremende tekort aan onderwysers die hoof te bied, moes jongmense aangespoor word om hulle aan die Teologiese Skool vir die onderwys te bekwaam ¹⁾.

Tot sover was die houding van die Gereformeerdes in verband met die vraagstuk van staatstoelae hoofsaaklik negatief; lidmate kon wel staatshulp aanvaar. Baie van die gemeentes het dan ook inderdaad gebruik gemaak van staatstoelae op hierdie stadium. Maar spoedig ²⁾ tree die kerk meer positief op en eis dit as sy reg. So is op die Algemene Vergadering van 1893 'n kommissie benoem t.w. di. J.L. Cachet, M. Postma en L.P. Vorster, om vir die eersvolgende vergadering 'n plan voor te lê waarvolgens die onderwyswetgewing sodanig gewysig moes word dat ook kerkskole uit publieke fondse ondersteuning kon kry ³⁾. Die kommissie beveel die volgende jaar aan dat die Algemene Vergadering hom in dié rigting moet beywer. Dit is aangeneem en 'n kommissie (di. M. Postma, J.L. Cachet, W.J. Snyman) benoem om in oorleg met ander wat ook so voel, deur gesamentlike aksie by die Parlement op sodanige verandering aan te dring ⁴⁾.

H ⁵⁾ gee die gevoel van die Gereformeerdes oor hierdie saak in „Het Kerkblad" mooi weer as hy sê: „De vraag kan hier worden gedaan of het niet goed zou zijn, dat het gouvernement zulke kerkscholen steunt. Eigenlijk zou dat niet goed zijn, dewijl het gouvernement niet voor

1) Sien Bylae 6 op bladsy XVII vir die aanbevelings van hierdie kommissie.

2) Cilliers, Die Geskiedenis van Enkel-, Parallel en Dubbelmediumskole in Kaapland, 205.

3) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1893, artt. 11, 14.

4) Ibid, 1894, artt. 11, 14.

5) H. „Het Kerkblad", 1 Okt. 1894.

de opvoeding behoort te zorgen, maar daar andersdenkenden voor hunne scholen uit die staatskas trekken, hebben wij er ook recht op. Recht, zeggen wij, want het geld, waarover het gouvernement beschikt, is opgebracht door alle burgers en dan moest het ook ten nutte van alle burgers besteed worden. Genieten nu andersdenkenden van dat geld voor hunne scholen, dan hebben ook de ouders, die voor hunne eigene scholen zorgen, recht op hun deel. Wij meenen dus, dat het voor ons tijd wordt om kerk-scholen op te richten met ondersteuning het gouvernement".

Petisies in dier voege is dan ook in 1896 aan die Parlement voorgelê ¹⁾, en lui soos volg:

" Aan den Wel Ed. Speaker en leden van de Wetgeven-
de Vergadering van de Kaap Kolonie in Parlement Ver-
gaderd.

De Petitie van de ondergetekende burgers van de af-
deeling geven eerbiediglijk te kenne

Dat zij krachtens een besluit der Algemeene Vergadering
der Gereformeerde Kerk in de Kaap Kolonie eerbiediglijk
verzoeken, dat er zoodanige verandering in de Schoolwet
gemaakt worde, dat scholen opgericht en bestuurd door
Kerkeraden (nie zijnde zendingscholen) ook Gouvernements
ondersteuning kunnen genieten, mits zij overigens voldoen
aan de eischen der wet.

Wij mogen dit eerbiedig verzoek daar zulks
feittelijk in Engeland, Nederland en andere landen met
goed gevolg plaats vindt.

Daarom smeeken uwe petitionarissen dat uw
Edel Achtbare Vergadering deze zaak in gunstige oorewging
wil nemen en zoodanige hulp wil verleend als gij mogt.

1) "Het Kerkblad", 1 April 1896.

En Uwe petitionarissen zullen altoos bidden.

(naamtekingen) ¹⁾

'n Dergelike petisie is ook aan die Hoërhuis gerig.

Maar die Parlement het hom egter nie daaraan gesteur nie. Dit het gemaak dat die kerk sterk begin dink het aan die moontlikheid om eie kerkskole op te rig; hy het net nie daarvoor kans gesien nie om die koste alleen te dra nie ²⁾. Daarom word besluit dat dieselfde kommissie 'n petisie moes opstel en deur die verskillende gemeentes laat teken en dit aan die Parlement te stuur. Verder word besluit om van afskrifte van hierdie besluit aan parlamentslede te stuur aan wie ook die vorige petisie gestuur is ³⁾.

In 1897 is 'n besluit deur die sinode geneem ⁴⁾ dat kerkskole opgerig moet word, 'n saak wat ook in die Algemene Vergadering van Kaapland van die volgende jaar beklemtoon is ⁵⁾. Maar hieraan sou Kaapland nog nie gehoor kon gee nie omdat die Driejarige Oorlog, wat alle verdere Gereformeerde Onderwyspogings vir die 19e eeu verhinder het, uitgebreek het.

Maar Kaapland het ook gesorg om 'n kas te stig waaruit Gereformeerdes wat onderwysers wou word, ondersteuning kon ontvang. In 1892 is besluit dat hierdie kas moet opgerig word uit vrywillige bydraes. Hierdie fonds sou bestuur word deur die kas ex bonis (wat ingestel is vir teologiese studente). Voorts is daar besluit dat so 'n student ondersteuning vir 2 jaar sal kry by verloop van welke tyd dit verwag word dat hy die derde klas onderwys-
asmede
eksamen gepasseer sal hê/'n eksamen deur die kuratore

1) Het Kerkblad, 1 Junie 1899.

2) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1897, artt. 17, 29.

3) Ibid, 1897, art. 34.

4) Handeling van die Dertiende Sinodale Vergadering, 1897, art. 157.

5) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1898, artt. 13, 58.

afgeneem in Bybelse geskiedenis, Kerkgeskiedenis, Catechetiek, Hollandse taalkunde, geskiedenis van Suid-Afrika en sangkuns. Aan alle persone wat 'n hoër graad as onderwysers wens te behaal, sal in die reël ondersteuning kry vir 4 jaar na verloop van welke tyd dit verwag word dat hy Matriek gepasseer sal hê asook 'n eksamen voor die kuratore in die vakke soos reeds genoem. Die handboeke vir die vakke sal deur die kuratore aangegee word. Verder is bepaal dat 'n applikant vir solank moet skoolhou as wat hy die ondersteuning gekry het, so nie sal hy die lening moet terugbetaal ¹⁾. Van die vrye kollektes in die gemeentes vir hierdie doel is ook gedurig verslag gegee waaruit blyk dat die bydraes maar swak was ²⁾. Uit hierdie kas is ook ondersteuning gegee aan 'n blinde P. Kruger wat hom bekwaam het as onderwyser ³⁾. Dit was dan ook onder invloed van hierdie blinde dat die Algemene Vergadering meer belangstelling toon in die blindes. Die Algemene Vergadering benoem 'n kommissie, di. W.J. Snyman, L.P. Vorster en S. Postma, om die vergadering van advies te dien aangaande die onderwys en behoorlike opvoeding van Gereformeerde blindes. Ook is besluit dat in die gemeentes vir die blindes gekollekteer word ⁴⁾. Op aanbeveling van die kommissie het die Algemene Vergadering besluit om 'n sodanige skool op te rig te Middelburg, Kaap. Die afgevaardigdes van hierdie gemeente het hulle bereid verklaar om 'n sodanige skool onder sy toesig te neem. Voorts is ook verklaar dat daar reeds £84.18.7 vir hierdie doel gevind is ⁵⁾.

1) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1892, art. 39.

2) Ibid, 1894, artt. 4, 24.

Ibid, 1893, artt. 6, 7.

3) Ibid, 1894, art. 19.

4) Ibid, 1898, art. 35.

5) "Het Kerkblad", 1 Junie 1899.

Toe die Algemene Vergadering gevra is om die Vrye Christelike Skool van Burgersdorp oor te neem, het hy verklaar dat hy reeds herhaalde male die oprigting van 'n Gereformeerde gimnasium aan die Teologiese Skool oorweeg het, maar dat hy nie kans gesien het om dit alleen te doen nie en sou die saak met die Algemene Vergadering van die O.V.S. wou oorweeg¹⁾. Toe prof. J. Lion Cachet op dieselfde vergadering in 'n brief skryf dat daar 'n skool vir die opleiding van onderwysers deur die goewernement te Burgersdorp opgerig sal word met welke skool ook die Gereformeerde Kerk in betrekking kan te staan kom, het die vergadering 'n kommissie van 5 lede, di. W. Snyman, P. Postma, L.P. Vorster en D. Postma, proff. Cachet en P. Postma vir een jaar benoem om ondersoek in te stel.

Om nadere besonderhede aangaande die onderwystoestande te verkry, gaan ons oor tot die behandeling van toestande in enkele gemeentes. En die eerste waaraan aandag geskenk word, is Burgersdorp.

In sy verslag aan die Algemene Vergadering van 1883 antwoord Burgersdorp se kerkraad op vraag 9 dat daar verskeie private skole in die gemeente is waarin kinders onderwys ontvang, veral met die oog op belydenisaflegging. Op die dorp is daar verder 'n paar kinders van die gemeente wat elementêre onderwys ontvang. Die totale aantal Gereformeerde kinders wat in hierdie jaar onderwys ontvang, is 79²⁾. Uit die verslag van die volgende jaar blyk dat die getal van die Gereformeerde kinders wat onderwys ontvang, gedaal het na 53, 'n toestand wat toegeskryf word "aan drukken tijden"³⁾.

1) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1897, art. 17.

2) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 30 Maart 1883, art. 7.

3) Ibid, 28 Maart, 1884, art. 7.

Ds. M.P.A. Coetsee (jr.) het intussen die beroep na Burgersdorp aangeneem waar hy saam met prof. M. Postma die stryd sou begin om skole opgerig te kry volgens die Vrywillige Beginsel. In Nov. 1885 pleit prof. M. Postma op 'n vergadering van die Afrikanerbond en stel voor dat alle pogings aangewend moet word „om de toepassing van het Vrijwillig Beginsel te verkrijging en om Vrije Christelijke scholen op te richten". Hierdie voorstel word deur ds. M.P.A. Coetsee gesekondeer ¹⁾.

Toe die komitee van die Openbare Skool vroeg in 1886 genoop is om weens finansiële moeilikhede die salarisse van hul onderwysers te verminder, het die onderwyser in die Hollandse taal, P.S. Snyman, sy betrekking daar neergelê. Die ondersteuners van die Vrywillige Beginsel, wat reeds aandele van £5 per aandeel geteken het vir 3 jaar, nader Snyman dan om 'n Vrye Christelike skool op te rig en bied hom £70 traktement per jaar aan „en als de kas het toelaat, £120 sterling". Snyman maak hom dan ook klaar om billike losies aan leerlinge te verskaf en het vir hierdie doel 'n huis langs syne gekoop ²⁾. Daarna vra Snyman dat die skool onder toesig van die kerkraad van die Gereformeerde gemeente van Burgersdorp gestel moes word asook verlof om die skool in die konsistoriekamer te hou, twee versoeke wat albei toegestaan word ³⁾.

Op 5 April word hierdie skool dan geopen met 26 leerlinge, terwyl 8 of 10 nog verwag word. By die opening van hierdie skool sê prof. M. Postma dat die gedagte aan die oprigting van hierdie skool ontstaan het omdat die mense gevoel het dat hulle 'n skool wou hê

-
- 1) De Wet, Eufees-Gedenkboek, Burgersdorp, 73.
 - 2) De Redakteur, „Een school volgens Vrywillig Beginsel in verwachting" in „De Maandbode", 1 Feb. 1886.
 - 3) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 5 Maart 1886, art. 12.

wat „beantwoorden aan die belangen van onze Hollandsche bevolking — door nl. het godsdienst onderwys door de hoofplaats te doen aannemen, de zoolang miskende Hollandsche taal te doen wedervaren en tevens Elementaire onderwys te verschaffen" ¹⁾. Maar ook moet „De Bijbel en het godsdienst onderwys neemt een eerste plaats en alles moet doordrongen zijn van de Christelijken geest" ²⁾. Die hoogste klas in hierdie skool se vakke het gelyk gestaan aan admissie (nl. toelating as student) of elementêre eksamen ³⁾. Dus het hierdie skool ook gedien as voorbereidende skool vir die Teologiese Skool ⁴⁾.

Terwyl hierdie vrye skool, net soos in die geval van J. de Ridder s'n vroeër, weer in die konsistoriekamer begin is, sou dit hierdie keer nie daarin bly nie, maar uitbrei. Enige maande later het ds. M.P.A. Coetsee aan sy kerkraad bekend gestel dat die aantal leerlinge van V.C. Skool op die dorp so toegeneem het „dat er grootere gebouwen nodig zijn voor de inrichting". Hy stel dan voor dat die V.C. Skool en die Teologiese Skool in een gebou onderdak gebring moes word. Die kerkraad aanvaar sy voorstel op voorwaarde dat die kerkraad se aandeel nie die som van £300 te bowe mag gaan nie ⁵⁾.

Ook die kuratore was gewillig om uitvoering te gee aan ds. Coetsee se plan en so word die gewese magistraatskantoor vir hierdie doel teen £600 gekoop ⁶⁾.

-
- 1) De Redakteur, „De Vrije Christelijk School te Burgersdorp" in „De Maandbode", 1 Mei 1886.
 - 2) De Wet, Eufees-Gedenkboek, Burgersdorp, 52.
 - 3) De Redakteur, „De Vrije Christelijk School te Burgersdorp" in „De Maandbode", 1 Mei 1886.
 - 4) Cachet en andere, Gedenkboek van het 50-jarige bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 128.
 - 5) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 7 Aug. 1886, art. 10.
 - 6) Handeling van die Tiende Sinodale Vergadering, 1888 art. 34.

Reeds met die ingebruikneming van die gebou het soveel leerlinge hulle aangemeld (10 studente en 46 leerlinge) dat onderwyser Snyman 'n assistente, in die persoon van mej. M. Postma, moes bykry¹⁾.

Ds. M.P.A. Coetsee (jr.) verduidelik by die ingebruikneming van die skool die betekenis van Vrye Christelike Skool en sê o.a. dat die naam „vrye” beteken dat die skool gestig is geheel onafhanklik van goewernementstoelae. Sy gevoel en dié van die stigters was dat die onderwys bekostig moet word deur die belanghebbendes. Deur goewernementstoelae aan te neem, beteken dit dat die skool gebind word deur regulasies wat die regering nodig en nuttig mag ag en dus nie in alle opsigte die skool kan inrig ooreenkomstig die behoefte van die bevolking nie, en dit was 'n saak van beginsel by die stigters. Die skool is, volgens ds. Coetsee, vry en staan onder bestuur van 'n skoolkommissie wat in alle opsigte trag die skool in te rig ooreenkomstig die behoeftes. Hulle is vry en word nie verbied deur 'n klousule nie, wat gewoonlik die gewetensklousule genoem word. Verder verduidelik ds. Coetsee dat die Bybel en godsdiensonderwys 'n ereplek in die skool inneem en dat dit 'n beperking vir ouers of voogde is wat dit nie verlang nie. Sulke ouers se kinders sal verskoon word van bywoning van die skool, aangesien godsdiensonderwys, wat verpligtend is, een van die belangrikste vakke is.

Voorts verduidelik ds. Coetsee dat die skool ook Christelik is omdat die onderwys in 'n Christelike gees gegee word en dat alles deurdring sal wees van die

1) De Redakteur, „De Inwijding van het Gebouw Gekocht voor de Theol. School en de Vrije Christelijke School” in „De Maandbode”, 1 Okt. 1886.

Christelike gees, want selfs in die onderwys kan daar geen onsydigheid wees nie; vir die Christen moet alles op 'n Christelike grondslag gebou wees. Hierdie skool het volgens ds. Coetsee ontstaan uit die stryd vir die Vrywillige Beginsel. Diegene wat vir die beginsel stry, en nie die regering nie, moet die skool geheel en al bekostig. Die regering beskerm alle godsdienste en dit is dus 'n saak van onmoontlikheid vir die regering om bevrediging in so 'n gewigtige saak te gee en tog onpartydig te bly.

Later kon ds. P.C. Snyman, 'n oud-leerling van hierdie skool getuig: „In deze school leerde ik goed. Bijbelsche en Vaderlandsche Geschiedenis, vakken die in de Gouvernements school niet of maar half werden onderwezen". Weldra was dit die gevierde skool in die dorp, want „De Opvoeding die we in deze school kregen pasten by de opvoeding onzer Christelijke ouders, en zoo was hier het huis in een lieflijk verband en spotte de school niet met 't huis gelijk by de Gouvernment school 't geval was" ¹⁾.

Dat hierdie skool baie goeie werk verrig het en dat die ouers in hulle skik daarmee was, merk ons uit die toename in die leerlingetal.

Terwyl die skool in 1886 met 46 leerlinge ²⁾ begin het, kon die kerkraad die volgende jaar aan die Algemene Vergadering rapporteer dat daar toe 53 leerlinge ³⁾ was, terwyl die leerlinge in 1891, 75 getel het ⁴⁾.

-
- 1) Feestkomitee, Gouden Jubeleem van Het Vijftig-Jarige bestaan van De Geref. Gem. Burgersdorp, 91.
 - 2) De Redakteur, „De Inwijding van het Gebouw Gekocht voor de Theol. School en De Vrije Christelijk School" in „De Maandbode", 1 Okt. 1886.
 - 3) Burgersdorpse Kerkraadsnotule 25 Feb. 1887, art. 6.
 - 4) De Wet, Eufees-Gedenkboek, Burgersdorp, 52.

Maar op finansiële gebied het dit moeilik ge-
gaan met hierdie skool. Reeds die jaar na die ingebruik-
neming van die nuwe gebou, het ds. M.P.A. Coetsee £600
van die Koloniale Weeshuis in naam van die kerkraad en
kuratore teen 6% rente geleen ¹⁾. Die gemeente het
egter groot belangstelling getoon in hierdie skool en
ten einde die skoolkommissie en kerkraad te sterk
word die vereniging „Concordia” gestig om fondse vir
dié skool in te samei ²⁾. In die „Concordia” was daar 3
soorte van ondersteuners: die wat jaarliks 'n vrye by-
drae gegee het, 'n tweede met 'n hamel per jaar en dié
wat elke week 6 pennies aan die vereniging afgedra het ³⁾.
Omdat die V.C. skool gedien het as voorbereidende skool
vir die Teologiese Skool, het ook die sinode besluit om
'n handjie by te sit en het jaarliks 'n som geld aan
hierdie skool geskenk ⁴⁾.

Die bestuur van „Concordia” het nou ook die
skoolbestuur oorgeneem en al dadelik besluit om 'n tweede
assistent en wel in die persoon van S. Postma, B.A. ⁵⁾, tot
die skoolpersoneel toe te voeg teen 'n salaris van £50
per jaar, terwyl die eerste assistente se salaris £77
en dié van die hoofonderwyser £120 per jaar sou bedra ⁶⁾.
In 1890 het J.A. van Rooy vir P.S. Snyman opgevolg as
hoof, aangesien lg. in die teologie gaan studeer het ⁷⁾.

1) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 1 April 1887, art. 2.

2) Ibid, 25 Nov. 1887, art. 6.

Almanak, 1887, 43.

3) Feestkomitee, Gouden Jubeleum van het Vijftig-Jarige
bestaan van De Geref. Gem. Burgersdorp, 93.

4) Handeling van die Elfde Sinodale Vergadering, 1891,
art. 39.

5) Notule van die „Concordia”-bestuur, 29/2/88, artt. 2, 9.

6) Almanak, 1890, 43.

7) De Redakteur „Schoolnieuws” in „De Maandbode”
1 Julie 1890.

In 1893 is 'n verdere verandering in die personeel aangebring toe D.F. le Roux hoof word met J. Diepraam en L. Postma as assistente ¹⁾.

Met die werk van die V.C. skool het dit baie goed gegaan. In 1888 is bekend gemaak dat sedert die skool se stigting onderwys aan 91 leerlinge gegee is. Daarvan het 14 hulle bekwaam vir belydenis, 2 vir admissie, waarvan 1 sedertdien ingeskryf is as student aan die Teologiese Skool ²⁾. Reeds in 1889 het hierdie skool sy eerste kandidaat in die persoon van Lourika Postma vir die Universiteit se elementêre eksamen opgelei. Sy het die eksamen dan ook in die 1ste klas geslaag ³⁾. 'n Jaar later het 3 kandidate van die skool die elementêre eksamen geslaag ⁴⁾.

Maar, soos dit blyk uit die notules van die bestuur van "Concordia", dit het finansieel maar nie goed gegaan nie ⁵⁾. Dit het die voorsitter van die Algemene Vergadering dan ook laat vra of ds. Coetsee, as voorsitter van "Concordia", en sy skoolkomitee kennis geneem het van die plan van dr. L. Dale in verband met die ondersteuning uit die staatskas. Hierop het ds. Coetsee geantwoord dat die skoolkomitee as sodanig nie daarvan kennis dra nie. Na 'n deeglike bespreking besluit die Algemene Vergadering dat hulle die plan van dr. Dale in die omstandighede van die land as billik en regverdig teenoor alle partye beskou en dat met die oog op art. 139 van die sinode van 1882, daar geen beswaar is as lede van die

1) Almanak, 1893, 42.

2) Ibid, 1889, 42.

3) De Redakteur, "zeer bemoedigend" in "De Maandbode", 1 Mei 1889.

4) Ibid, "Goede Niews" in "De Maandbode", 1 Aug. 1890.

5) Notule van "Concordia", 5 Okt. 1889, artt. 1, 2.

Gereformeerde Kerk daarvan gebruik wil maak nie¹⁾. Uit die verslag aan die Algemene Vergadering blyk dit dat twee jaar later nog nie aansoek gedoen is om staatshulp nie, waarop die vergadering besluit dat dit gedoen moet word. Omdat ds. Coetsee en sy ouderling nie hierdie besluit gesteun het nie, het hulle versoek dat dit so genotuleer word²⁾.

In 1891 word staatshulp aanvaar vir die V.C. skool hoewel die bestuur van die skool nog onder toesig van die kerkraad bly. Gelyktydig met die aanvaarding van die goewernementstoelaag is die skool se naam verander na „District Boarding School“, „doch feitlik was ze maar eene Vrije Christelijke school met staatsubsidie“³⁾.

In 1893 maak die Superintendent-Generaal aan die kerkraad bekend dat 'n verdere toelaag aan die skool gedoen sou word mits hulle 'n koshuis sou oprig, waarop die kerkraad besluit om 'n koshuis van £400 op te rig waarvan die departement £200 sou gee⁴⁾, 'n plan wat in November ten uitvoer gebring is, maar sonder goewernements-ondersteuning⁵⁾. Toe Thomas Muir Superintendent-Generaal van Onderwys word, het hy die naam van die skool verander na A3-skool. Hierop maak hy beswaar dat 'n A3-skool kandidate vir st. VII en skoolhoër oplei en onttrek 'n deel van die staatstoelaag⁶⁾.

Die volgende jaar koop die kerkraad die kuratore se gedeelte van die skoolgebou vir £150⁷⁾ en besluit om die gebou voortaan aan die skoolkommissie te verhuur teen

-
- 1) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1889, artt. 11, 17.
 - 2) Ibid, 1891, artt. 9, 11.
 - 3) Cachet en andere, Gedenkboek van het 50-jarige bestaan der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 93, 94.
 - 4) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 14 Julie 1893, art. 3.
 - 5) Ibid, 25 Nov. 1893, art. 26.
 - 6) Ibid, 23 Des. 1893, art. 23.
 - 7) Ibid, 1 Junie 1894, art. 16.

'n bedrag van £12 per jaar ¹⁾. Die rede waarom die kuratore hulle deel van die gebou verkoop het, is omdat die skoolgebou nie meer beide inrigtings kon huisves nie, daar die skool se leerlingetal gegroei het tot 103 ²⁾.

In 1894 het die kerkraad weer die bestuur van die skool oorgeneem, aangesien nie daarin geslaag is om die skool 'n publieke skool klas 2 te laat word nie ³⁾. Maar omdat die skoolkommissie nie meer kans sien om die skool alleen te onderhou nie, word besluit om die Algemene Vergadering te versoek om die skool oor te neem ⁴⁾. Die Algemene Vergadering benoem dan 'n kommissie van 3 lede, di. D. Postma, M. Pelser en L.J. du Plessis, om ondersoek in te stel en om die Algemene Vergadering van die Oranje-Vrystaat te nader oor moontlike samewerking ⁵⁾. Nog in dieselfde jaar benoem die kerkraad 'n kommissie wat die kommissie van die Algemene Vergadering moet ontmoet „om te onderhandel en of het niet mogelijk is om de D.B. School ter plaatse, te maken tot een Geref. Gijmnasium” ⁶⁾. Op die volgende Algemene Vergadering word die saak weer behandel en daar word besluit: „Daar de omstandigheden in verband met het een en ander betreffende de Vrije Christ. School nog niet geheel duidelijk is, zoo besluit de vergadering nog twee leden nl. Di T. Hamersma en J.A. van Rooy” by die 2 lede van die vorige kommissie te voeg met die opdrag om alles te ondersoek en die volgende jaar breedvoerig te rapporteer ⁷⁾. Vroeg die volgende jaar doen

-
- 1) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 2 Julie 1894, art. 17.
2) Almanak, 1894, 44.
3) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 14 Sept. 1894, art. 12.
4) Ibid, 7 Maart 1895, art. 10.
5) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1895, artt. 29, 30, 31, 32.
6) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 8 Junie 1895, art. 11.
7) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1896, art. 31.

die voorsitter van die kerkraad, ds. L.P. Vorster, verslag dat daar 'n ontmoeting tussen die kommissie van die kerkraad en dié van Kaapland en die O.V.S. was en hulle wou weet „of de Kerkeraad nog toestemt in de overgave. Alg. besloten de Kerkeraad stemt daarin toe" ¹⁾.

Intussen is die personeel vermeerder na 4 aangesien die leerlingetal gestyg het na 122 ²⁾ terwyl nog een, nl. F. Postma, B.A., tot die personeel in 1899 toegevoeg is om spesiale onderwys te gee in die hoër klas-
se ³⁾.

Maar Burgersdorp se gemeente sou ook skole in die distrik oprig. Reeds in die verslag aan die Algemene Vergadering kon hierdie gemeente in 1886 verklaar dat daar in die distrik 3 private skole bestaan, waar die „kinderen hoofzakelijk opgeleid worden om belijdenis des geloofs te doen" ⁴⁾. Drie jaar later kon die kerkraad vermeld dat daar in 5 wyke skole bestaan waarin 53 kinders van die gemeente onderwys ontvang ⁵⁾. Alhoewel die kerkraad in 1893 verklaar dat in 4 buiteskole 64 kinders onderwys ontvang, is die grootste gedeelte van die kinders egter nog sonder gereelde onderwys ⁶⁾.

Nadat ondersteuning uit die landskas deur die ouers aangeneem is, het sake egter vinnig verbeter. So kon in 1896 vermeld word dat daar 175 kinders van die gemeente onderwys ontvang saam met dié in die V.C. Skool ⁷⁾. Toe 'n brief in dieselfde jaar van die sekretaris van die Afdelingsraad van Albert ontvang is dat die koloniale

-
- 1) Burgersdorpse Kerkraadsvergadering, 8 Jan 1897, art. 9.
 - 2) Ibid, 19 Aug. 1898, art. 6.
 - 3) Almanak, 1889, 71.
 - 4) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 2 April 1886, art. 15.
 - 5) Ibid, 21 Des. 1889, art. 5.
 - 6) Ibid, 22 Des. 1893, art. 17.
 - 7) Ibid, 3 Jan. 1896, art. 9.

sekretaris 'n bedrag van £2000 geskenk het om geskikte skoolgeboue in die distrik op te rig, is die geld verdeel tussen die skole van Raynier, Knapdaar, Odendaalstroom en Janspoort ¹⁾. Die volgende jaar se begin het dit nog beter gegaan toe die kerkraad in sy verslag kon meld dat in agt skole wat van goewernementsondersteuning gebruik maak, 189 kinders van die gemeente onderwys ontvang, ingeslote dié van die V.C. Skool ²⁾. Die volgende jaar kon melding gemaak word van 8 private skole in die gemeente waarin 104 kinders van die gemeente onderwys ontvang ³⁾.

Die gemeente Steynsburg:

In 1882 deel ds. Cachet die kerkraad mee dat godsdiensonderwys, tewens alles wat hoort tot 'n Christelike en burgerlike opvoeding, in die openbare skool op die dorp onderwys word en dat met vrymoedigheid van hierdie skool gebruik gemaak kan word ⁴⁾. Maar in die distrik is 4 private skole opgerig waarin altesaam 16 kinders van die gemeente onderwys ontvang ⁵⁾.

In 1885 is 'n poging deur die kerkraad aangewend om 'n Christelike skool op die dorp op te rig toe 'n kommissie van 4 gekies is om in die saak te werk ⁶⁾. Hierdie kommissie moes egter later rapporteer dat daar weinig geld as waarborg geteken is. Aangesien die kerkraad ook nie in staat was om hulp te beloof nie, is die poging om 'n skool op te rig, somaar op hierdie vroeë stadium verongeluk ⁷⁾.

Vanaf 1888 het dit ietwat beter gegaan toe die kerkraad kon rapporteer dat 6 private skole bestaan waarin

-
- 1) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 20 Okt. 1896, art. 6.
 - 2) Ibid, 8 Jan 1897, art. 14.
 - 3) Ibid, 19 Aug. 1898.
 - 4) Steynsburgse Kerkraadsnotule, 4 Aug. 1882, art. 7.
 - 5) Ibid, 10 Feb. 1883, art. 16.
 - 6) Ibid, 20 Nov. 1885, art. 4.
 - 7) Venter, Gedenkboek van die Gereformeerde Gemeente, Steynsburg, 119.

75 kinders van die gemeente onderwys ontvang ¹⁾. Teen 1895 is daar goewernementsondersteunde skole opgerig by Thebus ²⁾ en ook een op Fonteintjie ³⁾. Die volgende jaar is nog meer goewernementsondersteunde skole opgerig t.w. op Geduldsfontein ⁴⁾, Vanvuurenskraal ⁵⁾, Kalkoenkrans en Reuterskraal ⁶⁾. Maar vanaf die volgende jaar is meer gebruik gemaak van private skole. So was daar in 1899 4 private skole teenoor 1 goewernementsondersteunde skool waarin die kinders van die gemeente onderwys ontvang het ⁷⁾. Die gemeente Middelburg:

'n Gemeente wat baie gedoen het vir die onderwys, was Middelburg. Aan die end van 1882 het hierdie gemeente besluit om maar eers nie met die skoolsaak aan te gaan nie aangesien hulle nie geskikte onderwysers kon kry nie, soos in die vorige hoofstuk opgemerk is. Die saak van die onderwys sou hulle eers aanpak sodra hulle £1200 gekollekteer het ⁸⁾.

In sy verslag aan die Algemene Vergadering in 1884 rapporteer die kerkraad dat niks gedoen kan word nie a.g.v. die droogte. Nogtans vermeld die kerkraad dat daar 5 private skole in die gemeente bestaan ⁹⁾. Maar intussen is daar kollektante aangestel wat redelik goed gevaar het in die paar jaar wat verloop het, want op 25 Mei 1886 is 'n Vrye Christelike skool geopen, wat onder toesig van die kerkraad gestaan het. Die skool wat met

-
- 1) Steynsburgse Kerkraadsnotule, 6 Jan 1888, art. 6.
 - 2) Het Kerkblad, 1 Maart 1895.
 - 3) Ibid, 15 Aug. 1895.
 - 4) Ibid, 15 Mei 1896.
 - 5) Ibid, 15 Aug. 1896.
 - 6) Almanak, 1896, 56.
 - 7) Ibid, 1899, 59.
 - 8) Vermeulen, Middelburg Kaap, Gedenkboek, 136.
Middelburgse Kerkraadsnotule, 10 Nov. 1882, art. 6.
 - 9) Ibid, 15 Feb. 1884, art. 5.

13 leerlinge/..... 120.

13 leerlinge begin het onder meester D. Coetsee, sou voorlopig die konsistoriekamer as klaskamer gebruik ¹⁾. Na 'n kortstondige bestaan van slegs 'n paar maande is die skool egter weer gesluit.

Ds. M. Postma, wat intussen die beroep na Middelburg opgevolg het, was 'n onderwysman by uitstek en het uitmuntende pogings aangewend om die onderwys in die gemeente te bevorder. Vandaar dat vanaf die middel van 1890 meer besliste pogings aangewend is om skole op te rig. Die eerste skool wat dan op sy inisiatief opgerig is, is die kosskool op Wolvenkop met aandeel van £2.10/- jaarliks vir 3 jaar ²⁾. Die salaris van die hoof is vasgestel op £140 per jaar met vrye woning, terwyl 'n assistent s'n op £90 vasgestel is sonder vrye woning ³⁾. Onderhandeling met dr. L. Dale het aan die lig gebring dat 'n toelaag van £70 toegeken is vir die salaris van die hoof en £45 per jaar vir die salaris van die assistent ⁴⁾. Op 19 Jan. 1891 is hierdie vroeëre private skool dan onder toesig van die kerkraad ⁵⁾ geopen met goewernementsondersteuning. As hoof is aangestel D.H. du Plessis (vroeër 'n student aan die Teologiese Skool) met S. Buys as assistent. Soos blyk uit die openingsrede van ds. M. Postma, is die doel met die oprigting van hierdie skool om "n deeglike Christelik en maatschappelyk volksonderwys te geven" in praktiese vakke. Verder sou in beide tale onderwys word "maar aan het Hollandsch zou eene eereplaats gegeven en sommige vakken, zooals Bijbelsche

-
- 1) De Redakteur "Middelburg" in "De Maandbode", 1 Julie 1886.
2) Notule van Distrik Kosskool, Wolvenkop, 4 Junie 1890, art. 3.
3) Ibid, 7 Junie 1890, art. 3.
4) Ibid, 20 Okt. 1890, art. 2.
5) Middelburgse Kerkraadsnotule, 20 Feb. 1891, art. 14.

Geschiedenis, Geschiedenis van Z. Afrika, ens. zouden in het Hollandsch onderwezen worden" ¹⁾.

In dieselfde jaar het die kerkraad 'n skoolvereniging gestig, nl. die „Zespennijvereeniging", wat net soos die „Concordia" van Burgersdorp gewerk het en ook ten doel gehad het om die Christelike onderwys van die gemeente geldelik te ondersteun ²⁾.

Die skool se getalle het so vinnig aangegroei dat in die jaar na sy oprigting besluit is om die woonhuis van die plaas vir 'n skoollokaal in te rig ³⁾. Terselfdertyd word 'n tweede assistente aangestel in die persoon van Lourika Postma ⁴⁾. Dit sou egter net 'n tydelike opflikkering wees, want 3 maande later het die twee assistente moes vertrek a.g.v. die vermindering in die leerlingetal. Toe dit blyk dat die getalle weer gegroei het, is besluit dat, aangesien 'n tweede persoon aangestel moet word, een aangestel moet word wat kan „onderwijs in handwerken geven in de gewone schooluren en in muziek buitende schooluren met 1½ uur niet boven gaande. Een derde der gelden voor muzieklessen zal aan haar toegekend worden" ⁵⁾, (behalwe haar gewone salaris). Mej. F. van Rooy word dan aangestel ⁶⁾. Toe die hoofonderwyser sy betrekking aan die einde van 1892 weens krankheid neerlê, word hy opgevolg deur J.H. Vorster ⁷⁾.

Die skool se leerlinge het egter elke jaar minder geword sodat ons eindelik in 1897 vind dat dit weer 'n

-
- 1) Notule van die Goew. Distrik Kosskool te Wolvenkop ('n gepubliseerde artikel wat in die notuleboek vasgeplak gevind is).
 - 2) De Redakteur „School nieuws uit Middelburg, Kaap" in De Maandbode, 1 Sept. 1890.
 - 3) Notule van goew. Distrik Kosskool te Wolvenkop, 21 Maart, 1891, art. 5.
 - 4) Ibid, 18 Julie 1891, art. 3.
 - 5) Ibid, 17 Okt. 1891, artt. 6, 7.
 - 6) Ibid, 9 Jan. 1892, art. 4.
 - 7) Ibid, 16 Nov. 1892, art. 2.

private skool met slegs 6 leerlinge word met mej. H. Duvenage as onderwyseres.¹⁾ Daarna het dit nooit weer 'n groter skool geword nie.

Nog 'n Christelike goewernementsondersteunde kosskool was die vroeëre private skool te Wolvenfontein. Hierdie skool is op 10 Feb. 1891 geopen met 29 leerlinge met K.H.P. Retief as onderwyser.²⁾ Hierdie skool het na 'n bestaan van 3 jaar gesluit a.g.v. die sprinkaanplaag³⁾ en is nie heropen nie.

Reeds in 1889 is 'n private skool te Vogelfontein opgerig met 18 leerlinge onder meester J. Lessing.⁴⁾ In 1891 het ook hierdie skool aansoek gedoen en is goewernementsondersteuning toegestaan⁵⁾ wat tot 1898 voortgeduur het.

Ook op Brandvlei is 'n goewernementsondersteunde skool in 1893 opgerig met 13 leerlinge onder meester B.J.L. Coetsee (jr.)⁶⁾ wat in 1895 deur N.H. v.d. Walt⁷⁾ opgevolg is en wat na 3 jaar 'n private skool geword en gebly het.

In 1897 kon Middelburg se gemeente spog met nie minder as 8 private skole nie, t.w. Wolvenkop, Vlakfontein, Wolvenberg, Rietfontein, Beschuitfontein, Blouwfontein, Zoutdrift en De Nyl met 2 goewernementsondersteunde skole, Vetfontein en Brandvlei.⁸⁾

In hierdie jaar is ds. S. Postma na hierdie gemeente beroep en het hy nes sy voorganger die opvoeding van die jeug ernstig op die hart gedra; hy het met die

1) Almanak, 1897, 51.

2) De Redakteur, "Opening van de Wolvenfontein District goew. Kosschool" in "De Maandbode", 1 April 1891.

3) Middelburgse Kerkraadsnotule 5 Jan. 1894, art. 6.

4) De Redakteur, "School nieuws" 1 April 1890.

5) Notule Vogelfontein School Committee, 22 Des. 1891, art. 3.

6) De Redakteur, "School nieuws" in "De Maandbode", 1 Julie 1893.

7) Het Kerkblad, 1 Julie 1895.

8) Almanak, 1897, 51.

N.G. Kerk 'n ooreenkoms aangegaan om twee verteenwoordigers op die skoolkommissie van die dorp se openbare skool te kry. Ook twee lede van die kerkraad het sitting gehad op die skoolkommissie van die armskool waar J. Vorster, 'n Gereformeerde, die hoof was ¹⁾.

Om die onderwyssaak beter te behartig, is op aandrang van ds. Postma wykskommissies gestig, bestaande uit die ouderling en diaken en 'n derde lid, deur eg. twee gekoöpteer. Hulle moes die ouers aanmoedig om kerkskole op te rig ²⁾. Maar verder as die vorming van wykskommissies het dit ook nooit gekom nie.

Aan die begin van 1899 het die Algemene Vergadering van Kaapland die wenslikheid uitgespreek van die oprigting van 'n skool vir blindes. 'n Kommissie bestaande uit di. S. Postma, W. Snyman en L.P. Vorster is benoem om die saak te ondersoek ³⁾. Hierdie kommissie het aanbeveel dat so 'n skool op Middelburg opgerig word. Die afgevaardigdes van Middelburg het dan ook daarvoor ingestaan dat die skool onder die kerkraad se toesig sou staan, mits die inrigting „voor rekening" van die Gereformeerde Kerk van Kaapland gehou sou word ⁴⁾. Dit was egter die einde van hierdie voorneme.

Die gemeente Philipstown:

Philipstown was ook 'n gemeente wat hom besonder beywer het vir die onderwyssaak. In sy antwoord aan die Algemene Vergadering maak hierdie gemeente in 1884 bekend dat dit met die onderwys maar swak gaan, want daar bestaan geen skole in hierdie gemeente nie. Die enigste skool

1) Middelburgse Kerkraadsnotule, 15 Julie 1898, art. 6.

2) Ibid, 6 Mei 1898, artt. 7, 8.

3) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1899, art. 35.

4) Het Kerkblad, 1 Junie 1899, 3.

waarvan gebruik gemaak word, is die publieke skool op die dorp en ook maar min maak daarvan gebruik ¹⁾. In sy volgende verslag kon Philipstown rapporteer dat in die gemeente slegs enkele familieskole bestaan waarin sowat 50 kinders van die ouers onderwys ontvang ²⁾. Dit was nie voor die einde van 1886 dat daar tot daadwerklike stappe oorgegaan is om 'n kerkskool op te rig. Toe het die leraar in 'n vergadering van die gemeente saam met die kerkraad sy begeerte uitgespreek om 'n kerkskool op te rig. Die voorsitter het enige planne aan die hand gedoen om skole in die buitewyke op te rig. Hy versoek die gemeente dan om self hiermee te begin ³⁾. Intussen kon die kerkraad aan die Algemene Vergadering rapporteer dat 'n paar familieskole lees, skryf, Bybelse geskiedenisvrae en „Cijferkunt" leer, en in een van die skole ook die Hollandse taal en kerkgeskiedenis ⁴⁾.

Maar reeds in die volgende verslag het dit swakker gegaan toe daar omtrent geen familieskole meer bestaan nie en toe slegs sowat 17 kinders onderwys ontvang het. Maar in dieselfde verslag kon darem vermeld word dat die gemeente reeds 'n bedrag van £60 byeen gebring het vir 'n skool wat op die dorp opgerig sou word ⁵⁾.

Die volgende jaar, 1889, kon aan die Algemene Vergadering vermeld word dat 'n V.C. School opgerig is. Alhoewel dit nie as 'n kerkskool beskou kan word nie, word dit tog goed ondersteun deur die gemeente wat dan ook sowat 20 kinders in die skool het. Ook word vermeld dat in een van die wyke 'n familieskool bestaan waarin 6

-
- 1) Philipstownse Kerkraadsnotule, 23 Feb. 1884, art. 25.
2) Ibid, 2 Jan. 1885, art. 10.
3) Ibid, 18 Nov. 1886, artt. 9, 18.
4) Ibid, 26 Feb. 1887, art. 12.
5) Ibid, 6 Jan. 1888, art. 10.

kinders van die gemeente onderwys ontvang ¹⁾. Die volgende jaar se verslag klink hoopvol as die kerkraad sê: „De Kerkeraad is verblijdt te kunne melden dat de belangstelling in het onderwijs der jeugd in deze gemeente toeneemd. Er bestaan vijf scholen in de gemeente waarin 36 of 37 kinders onderwijs ontvangen. In drie dezer scholen worden de kinderen in al de elementaire vakken onderwysen. In twee slechts schrijven, lezen, rekenkunde en wat verder noodig is voor de aanneming. Op den derden Maart e.k. zal nog een school geopend worden waaraan kinderen in de elementaire vakken zullen onderwezen worden” ²⁾.

In 1890 het die gemeente en kerkraad besluit om 'n kerkskool op te rig. Volgens besluit word een lidmaat in elke wyk benoem om aandele te verkoop en ook om vrywillige bydraes te kollekteer ³⁾. Op 'n vergadering in Augustus van dieselfde jaar word gerapporteer dat vir 'n bedrag van £95 geteken is aan aandele, terwyl slegs £6 aan vrywillige bydraes ontvang is. Terselfdertyd word besluit om die skool op te rig, voorlopig net vir een jaar met H.J. du Plessis as onderwyser. Sy salaris sal £100 wees en al die skoolgeld van nie-aandeelhouders vir hierdie jaar. Tegelykertyd word 'n skoolkommissie van 5 lede gekies ⁴⁾.

Op die volgende Algemene Vergadering word vermeld van 4 buiteskole in die gemeente waarvan een as derdeklasseskool goewernementsondersteuning ontvang. Die verslag meld verder dat die V.C. Skool intussen met die publieke goewernementsskool geamalgameer het. In hierdie

1) Philipstownse Kerkraadsnotule, 22 Maart 1889, art. 8.

2) Ibid, 24 Feb. 1890, art. 26.

3) Ibid, 23 Junie 1890, art. 12.

4) Ibid, 16 Aug. 1890, artt. 2, 3, 4.

skool is daar 14 kinders van die gemeente, terwyl in sy geheel slegs 42 kinders van die gemeente onderwys ontvang ¹⁾.

In die verslag van 1894 word vermeld dat 48 kinders van die gemeente onderwys ontvang in die skole: Vlakplaats, Koppie Alleen, Onrustfontein, Kruidfontein en Boschvarkfontein. Hierdie skole is almal onder toesig van die kerkraad en vakke waarin onderwys gegee word, is dié vir belydenis, Hollands en Engels. Op die dorp geniet 15 kinders van die gemeente onderwys in die publieke skool klas 2 waarvan die lede van die skoolbestuur grootliks uit lidmate van die Gereformeerde Kerk bestaan ²⁾.

In 1897 het ds. T. Hamersma en ouderling D.J. Venter 'n skool op die dorp opgerig omdat die kerkraad aanvanklik nie daarvoor kans gesien het nie. Kort daarna het die kerkraad besluit om die skool oor te neem en stel dan 'n kommissie aan om die skool te bestuur. Verder word 'n kollektant in elke wyk aangestel. Maar a.g.v. runderpes kon daar nie buiteskole opgerig word nie ³⁾. Maar finansiële moeilikhede het die kerkraad genoop om die skool na 'n bestaan van 'n jaar te sluit ⁴⁾. Alhoewel nog in dieselfde jaar besluit word om aandele te verkoop om so 'n nuwe skool te kan oprig ⁵⁾, is hierdie skool nooit opgerig nie.

Die gemeente Venterstad:

Ook Venterstad se gemeente het gepoog om onderwys na die beste van hulle vermoë aan gemeentekinders te verskaf. So word op 12 Julie 1887 'n skool geopen op Badsfontein met 21 leerlinge onder meester D. du Plessis

-
- 1) Philipstownse Kerkraadsnotule, 9 April 1892, art. 11.
 - 2) Ibid, 12 Jan. 1894, art. 13.
 - 3) Ibid, 7 Jan. 1898, art. 6.
 - 4) Ibid, 8 Okt. 1898, art. 2.
 - 5) Ibid, 12 Nov. 1898, art. 22.

(vroeeëre student van die Teologiese Skool) ¹⁾.

Eers tien jaar later is weer 'n skool geopen en hierdie keer op Ezelshoek, met 20 leerlinge met K.D. Coetsee as onderwyser. In dieselfde jaar is ook 'n private skool op die dorp opgerig deur mej. A. Venter met 16 kinders wat sy "vir aanneme" opgelei het ²⁾. Tog het hierdie gemeente in dieselfde jaar in sy verslag aan die Algemene Vergadering gemeld dat 79 Gereformeerde kinders onderwys ontvang ³⁾.

In 1898 is 'n goewernementskool klas 3 met 13 kinders met F. Kruger te Beschuitfontein opgerig en een op Kopjesfontein met 8 kinders. Verder word ook nog vermeld dat daar nog drie private skole is ⁴⁾. Al 5 hierdie skole word weer genoem in 1899 ⁵⁾.

Die gemeente Colesberg:

Colesberg se kerkraad doen in 1884 verslag aan die Algemene Vergadering en sê: "Er zijn 6 familie scholen in de gemeente waarin omtrent 25 kinderen in de gewone lagere vakken onderwijs ontvangen — voor grootere inrichtingen is er voor het tegenwoordige geen kinderen" ⁶⁾. Die volgende jaar het 3 van hierdie skole egter weer gesluit deur "omstandigheden" ⁷⁾ en in 1886 het ook hierdie 3 skooltjies gesluit ⁸⁾.

'n Jaar later het dit weer beter gegaan toe daar vermeld is dat daar weer 5 familieskole opgerig is waarin spelling, lees, skryf, Bybelse geskiedenis, Kortbegrip, "Borstuis vragen" asook sang onderrig word ⁹⁾.

1) De Redakteur "Opening van Badsfontein School" in "De Maandbode", 1 Aug. 1887.

2) Almanak, 1897, 53.

3) Venterstadse Kerkraadsnotule, 24 Des. 1897, art. 5.

4) Almanak, 1898, 59.

5) Ibid, 1899, 73.

6) Colesbergse Kerkraadsnotule, 16 Feb. 1884, art. 26.

7) Ibid, 2 Jan. 1885, art. 7.

8) Ibid, 2 April 1886, art. 8.

9) Ibid, 1 April 1887, art. 6.

Dit was eers in 1892 dat Colesberg in sy verslag kon melding maak van 'n goewernementsdistrik-kosskool, en wel te Ringepoort ¹⁾. Twee jaar later is ook 'n ondersteunde skool te Wildfontein met 19 kinders opgerig ²⁾. 1895 se verslag kon al melding maak van 2 ondersteunde skole en 5 private skole waarin altesaam 61 Gereformeerde kinders onderwys ontvang ³⁾.

Deurgaans het die aantal skole en skoolgaande kinders se getalle taamlik konstant gebly in hierdie gemeente. In die laaste verslag van Colesberg in hierdie jare is melding gemaak van 2 goewernementsondersteunde skole en 3 private skole met 'n totaal van 46 Gereformeerde kinders ⁴⁾.

3) Beheer oor die Gereformeerdes se skole:

Die sinode van 1882 het die beginsel uitgespreek dat die skole moet uitgaan van die ouers, desnoods met die hulp van die kerk ⁵⁾. Dat dit hoofsaaklik Gereformeerde skole sou wees, spreek dus vanself aangesien die aanmoediging om skole op te rig, altyd uitgegaan het van die kerkrade wat ook die toesig oor die skole gehad het ⁶⁾. Die skoolkommissies se lede het hoofsaaklik uit Gereformeerdes bestaan. Hulle stel die salaris van die onderwysers vas, bepaal die skoolgelde, was verantwoordelik vir die aanstelling van onderwysers en sorg dat hulle gereeld hulle salaris ontvang ⁷⁾.

-
- 1) Colesbergse Kerkraadsnotule, 18 April 1892, art. 17.
 - 2) Ibid, 19 Jan. 1894, art. 15.
 - 3) Ibid, 22 Maart 1895, art. 11.
 - 4) Ibid, 13 Jan. 1899, art. 14.
 - 5) Handeling van die Agste Sinodale Vergadering, 1882, art. 39.
 - 6) Almanak, 1898.
De Redakteur, "Schoolnieuws" in "De Maandbode" 1 Julie 1886.
Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 3 Jan. 1896, art. 19.
Reddersburgse Kerkraadsnotule, 14 April 1887, art. 13.
 - 7) Notule van die "Concordia", 29.2.'88, artt. 8, 9.
Notule van die Goewernementskosskool, Wolvenkop, 4 Junie, 1890, art. 23.

Elke jaar het die verskillende gemeentes aan die Algemene Vergadering gerapporteer oor die onderwystoestande in die onderskeie gemeentes, en gewoonlik is ook vermeld of die onderwysers Gereformeerdes is en of die skole 'n Gereformeerde karakter dra ¹⁾.

4) Gereformeerde Leerlinge:

Die leerlinge het altyd 'n eervolle plek ingeneem by plegtighede wat in verband met skole gestaan het. Gewoonlik is 'n optog gehou na die skool wat geopen is en die meester met die leerlinge het dan die voorste gedeelte van die prosessie uitgemaak ²⁾.

Aansoek om geldelike ondersteuning aan behoeftige kinders vir onderwysdoeleindes is in hierdie tyd herhaaldelik deur die verskillende kerkrade ontvang. Gewoonlik is aan hierdie versoeke voldoen ³⁾.

5) Tug van die Gereformeerdes:

Opmerklik is dit dat van tug in hierdie jare feitlik nie melding gemaak word nie. Slegs in een enkele geval het dit gebeur en wel te Burgersdorp. Op 'n kerkraadsvergadering is besluit en aan die Vrye Christelike skool se kommissie is dit opgedra om te sorg „dat geene lijfstrag toegepast worde. Wanneer straf vereischt word, wordt zulks toe gepast op de volgende wijze:

a) Door schriftwerk te doen.

b) Door opschoolhouden onder toezicht van den onderwijzer die zulks doet.

-
- 1) Reddersburgse Kerkraadsnotule, 14 April 1887, art. 13.
Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 3 Jan. 1896, art. 19.
„Het Kerkblad“, 1898, 4.
 - 2) Notule van die Goewernementsdistrikkoskool,
Wolvenkop, 4 Junie, 1890, art. 2.
Notule van „De Vogelfontein School Committee“, 9/3/91
art. 3.
 - 3) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 30 Mei 1890, art. 9.
Middelburgse Kerkraadsnotule, 23 Aug. 1895, art. 5.
Venterstadse Kerkraadsnotule, 29 Aug. 1896, art. 5.

Wanneer echter een leerling zich zoo gedraagt, dat grootere straf toegepast moet worden, zal zoodanige geval in de eerste instantie voor het uitvoerende Comité (skoolkommissie) gebragt worden en dit Comité zal de straf bepalen, nadat een behoorlijke onderzoek ingestelt zal zijn" ¹⁾.

6) Inhoud van die Gereformeerdes se skole:

In Transvaal is besonder klem gelê op Suid-Afrikaanse Geskiedenis en Aardrykskunde, en is dit ook gedurig gerapporteer dat die Gereformeerde kinders in hierdie vakke ook onderwys ontvang ²⁾. In Kaapland en O.V.S. vind ons dat in die jare direk na 1882 geen melding van Suid-Afrikaanse Geskiedenis en Aardrykskunde in skole gemaak word nie. Tot ongeveer 1890 was die vernaamste vakke waarin onderwys gegee is, lees, skryf, rekene en dit wat nodig is vir belydenis ³⁾. (Dit was die enigste vakke van 'n baie groot gedeelte van die skole tot aan die einde van die 19e eeu.) Geen wonder dat op die Algemene Vergadering van Kaapland in 1885 gevra is of mens tevrede moet wees met onderwysers wat bekwaam is om onderwys te gee alleenlik in Bybellees, Bybelse geskiedenis, Kort Begrip en skrywe. In sy antwoord hierop verwys die Algemene Vergadering na die plan wat vroeër reeds opgestel en goedgekeur is deur die sinode, en verder dat die gemeentes van sodanige onderwysers kan gebruikmaak as die onderwysers in daardie vakke maar net goeie werk lewer ⁴⁾.

-
- 1) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 3 Julie 1891, art. 12.
 - 2) De Redakteur, "Zwartruggens" in De Maandbode" 1 Sept. 1886. Heidelbergse Kerkraadsnotule, 9" Sept. 1890, art. 10. Het Kerkblad, 1 Feb. 1897, 2, 3. Almanak, 1898, 55.
 - 3) Colesbergse Kerkraadsnotule, 18 Feb. 1884, art. 26. Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 25 Feb. 1887, art. 10. Almanak, 1889, 41. De Redakteur, "School Nieuws" in "De Maandbode", 1 April 1890.
 - 4) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1885, art. 19.

Dit was eers nadat prof. D. Postma met die 17de verjaarsdag van die Teologiese Skool op die belangrikheid van die insluiting van vaderlandse geskiedenis gewys het ¹⁾, dat hier meer aandag daaraan gegee is.

In 1890 is 'n kommissie uit Kaapland se Algemene Vergadering benoem om verslag uit te bring oor die Vrye Christelike Skool. Die uitvloeisel hiervan was dat o.a. ook 'n leergang vasgestel is. Bybelse geskiedenis, lees, skryf, rekene, Hollandse en Engelse taalkunde en vertaling, geskiedenis en aardrykskunde van Suid-Afrika ²⁾. Hierdie leergang is vanaf 1891 deur 'n baie groot gedeelte van die skole wat op inisiatief van die Gereformeerdes opgerig is, gevolg ³⁾.

Merkwaardig is twee ander vakke wat op Wolvenkop se goewernementsondersteunde Kosskool gegee is: in die gewone skoolure sou „handwerken gegee worde en in muziek buitende skooluren maar met 1½ uur (daagliks) te boven gaande. Een derde der gelden voor musieklessen zal aan haar (die assistente wat aangestel is) toegekend worden" ⁴⁾.

Kaapland se Algemene Vergadering het in 1896 verder ook besluit dat leraars en kerkrade moet toesien dat die kinders van die Gereformeerde Kerk op die skole nie alleen onderwys ontvang in die Bybelse geskiedenis nie, maar ook in die leer van die kerk. Waar hierdie werk nie met vrymoedigheid aan die onderwysers oorgelaat kan word nie, moet die leraars en die ouderlinge dit self doen ⁵⁾.

1) De Redakteur, „Verjaarsdag der Theol. School der Geref. Kerk" in „De Maandbode", 1 Jan. 1887.

2) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1891, art. 6.

3) Almanak, 1892, 49.

Ibid, 1894, 47.

Ibid, 1896, 56.

Ibid, 1898, 59.

4) Notule van Wolvenkop se Goew. Distrik Kosskool, 21 Maart, 1891, art. 7.

5) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1896, art. 35.

Dit is egter nie duidelik uit die latere verslae van die gemeentes of dit wel gedoen is nie.

7) Gereformeerde Onderwysers:

'n Groot tekort aan onderwysers, wat die ontwikkeling van die onderwys baie gestrem het, het die hele 19e eeu bestaan in al die Suid-Afrikaanse state ¹⁾.

Hierdie tekort het die Gereformeerde Kerk ook baie sterk gevoel en gedurig is gekla oor 'n tekort aan onderwysers wat die oprigting van skole bemoeilik. Gevolglik is veelvuldig gebruik gemaak van onbekwame onderwysers ²⁾. Geen wonder dat die verskillende Algemene Vergaderings fondse in die lewe geroep het om ondersteuning te gee aan Gereformeerdes wat vir onderwysers wou leer nie ³⁾. Dit is dan ook gedurig onder die aandag van die verskillende gemeentes gebring om tog nie onderwysers in diens te neem wat nie by die kerkrade bekend is as mense wat die Gereformeerde beginsels toegedaan is nie ⁴⁾. So 'n onderwyser is 'n man „van gezonde Christelijke beginselen, en bekwaam om hunne kinderen ook met de leer der godzaligheid bekend te maken. De onderwijzer treed alsdan voor een groot deel in de plaats der ouders in het vormen van het karakter van het kind en in het inscherpen van beginselen in zijn jeugd genoem" ⁵⁾. Van tyd tot tyd het artikels in dier voege in die offisiële kerkorgane verskyn waarin die onderwysers ook op hul hoë roeping gewys word ⁶⁾.

-
- 1) Malan, Openbare Onderwys vir Blankes in die Oranje-Vrystaat, 14.
 - 2) Almanak, 1883, 22.
 - 3) Notule van die Algemene Vergadering van die O.V.S., 1895, art. 11.
Ibid, Z.A.R., 1895, art. 43.
Ibid, Kaapland, 1892, art. 39.
 - 4) Ibid, Z.A.R., 1887, art. 41.
 - 5) De Redakteur, „Spr. 22.6" in „De Maandbode", 1 Jan. 1885.
 - 6) Ibid, 1 Jan. 1886.
H, „Verband tuschen School en Kerk" in „Het Kerkblad", 1 Okt. 1894.
De Redakteur, „Correspondentie" in „De Maandbode" 1 Nov. 1889.

Onderwyser F.J.J. de Kock het die gedagte in 1896 uitgespreek dat al die Gereformeerde onderwysers moet saamstaan en 'n Gereformeerde onderwysersvereniging stig ¹⁾. Hierdie kwessie het heelwat bespreking uitgelok ²⁾ en het op niks uitgeloop nie.

Die salaris wat die onderwysers ontvang het, vergelyk baie gunstig met dié van die staatskole ³⁾. Vandaar dat daar aan die einde van die 19e eeu heelwat Gereformeerde onderwysers was.

8) Die Taalvraagstuk by die Gereformeerdes:

In 1882 het Middelburg, Kaap, die beskrywingspunt aan die sinode voorgelê: „De Sijnode spreke zich met het oog op die taalbeweging van onzen tijd, duidelik uit, opdat men zien kan wat zij in deze wenscht te doen". Die Sinode antwoord dan hierop: „Deze Sijnode zegt nog hetzelfde wat vroeger is verklaard, vervat art. 5 van de Algem. Sijnodale Bepalingen, hetwelk luidt als volgt: „De Gereformeerde Kerk gebruikt in haren Openbaren Kerkdienst alleen den Staten Bijbel, zooals die volgens besluit van de Sijnode van Dordrecht, 1618-1619, op last der Staten Generaal in Nederland is uitgegeven". De Sijnode wil er evenwel by opgemerkt hebben, dat de spelling op zich zelve niets toe noch afdoet aan de echtheid, als het maar diezelfde vertaling is.

„En heeft hiermede ook meteen te kennen gegeven, dat ze de prediking en het godsdienstig onderwijs in de Gemeente, zooveel als immer mogelijk is, overeenkomstig

-
- 1) F.J.J. de Kock, „Correspondentie" in „Het Kerkblad", 1 Jan. 1896.
2) D.P. Liebenberg „Correspondentie in „Het Kerkblad", 1 Maart 1896.
O. Boersma, „Correspondentie" in „Het Kerkblad", 1 April 1896.
3) Notule van „Concordia", 29.2.88, art. 9.
Notule van die Goewernementsdistrik Kosskool, Wolvenkop, 1890, art. 3.
De Redakteur, „School Nieuws" in „De Maandbode", 1 Nov. 1889.

de taal verlangt.

„Daarom verlangt zij dat de jeugd ook in de scholen grondig in de Hollandsche taal onderwezen word en wekt bij dezen den Kerkeraden van al hare Gemeenten op, om daartoe soveel immer mogelijk is, kragtig mede te werken.¹⁾”

Dit dan is die houding wat die Gereformeerde Kerk ingeneem het deur al die jare heen ten opsigte van die taal. Dit wil egter nie sê dat die Gereformeerde kinders nie ook Engels moes leer nie. Hieroor het die Algemene Vergadering van Transvaal besluit: „De Engelsche taal kan wel geleerd worden als taal, maar het Hoofdbestuur zich niet tegen verklaart, maar nochtans verklaart hetzelfde, dat de Hollandsche taal in de eerste plaats moet onderwezen word” ²⁾, 'n besluit wat in al drie state in die praktyk uitgevoer is.

L.P.V.³⁾ vertolk die standpunt van die Gereformeerde Kerk ten opsigte van taal en nasionalisme, wat vir hom saamgaan, baie goed wanneer hy sê: „Van alle Kerkgenootschappen in Zuid Afrika is er geen die in zoo nauw verband staat met de Hollandsch-Afrikaansche boeren bevolking.” (bedoelende die Gereformeerde Kerk) zonder twijfel zal ook de Nederduitsche Gereformeerde Kerk door den ondergang van het Afrikanerdom eene gevoelige slag ondergaan, doch zij gaat zoo als men zegt, met den tijd mede' en begint zoo **langzamerhand** meer en meer Engelsch te worden. Wat zij in den mogelijken ondergang van het Afrikanerdom staat te verliezen meent zij mogelijk terug te winnen in Engelschen en Engelsch-worden of Engelschgezinde Afrikaners.” Maar van die Gereformeerde Kerk

1) Handeling van die Agste Sinodale Vergadering, 1882, art. 186.

2) Notule van die Algemene Vergadering van die Z.A.R., 1886, art. 35.

3) L.P.V., „Maatschappelijk” in „Het Kerkblad”, 15 Nov. 1894. sê hy/..... 135.

sê hy: „zij staat op voet met den Hollandsch-Afrikaansche boerenstand De achteruitgang van dien stand is voor haar eene levenskwes¹⁾tie". Dieselfde gedagte word ook uitgespreek as „Corps" ('n Christelike studentervereniging van die Teologiese Skool), wanneer hulle vra of die bloei in Suid-Afrika van die Afrikaanssprekende bevolking afhang van die Gereformeerde beginsel²⁾.

Die kommissie wat deur die Kaaplandse Algemene Vergadering van 1890 benoem is om verslag oor die Vrye Christelike skole uit te bring³⁾, het aanbeveel, en dit is enigsins bevreemdend, dat die voertaal van die skole „naar de verkiezing van de schoolcommissie", Hollands of Engels kon wees. (artt. 2 en 3) ('n Gedagte wat in die praktyk egter nie ingeslaan het nie omdat alle skole Hollands as medium beoefen het.) By dieselfde geleentheid het die Algemene Vergadering na aanleiding van 'n brief van die sekretaris van die pas-gestigte Z.A. Taalbond, „vragende om de medewerking van de Algem. Verg. tot bevordering van de Hollandsche Taal", die begeerte uitspreek „dat de jeugd ook in de scholen grondig in de Holl. taal onderwezen wordt, en wekt bij dezen Kerkeraden van al hare Gemeenten op, om daartoe, zooveel hun immer mogelijk is, krachtig mede te werken"⁴⁾.

Op 1 Des. 1891 skryf die redakteur van „De Maandbode" na aanleiding van die pas-afgelope onderwysersvergadering op Kimberley: „Als wij de onderwijzers laten begaan, zoo als zij zich openbaarden (zal) er van onze

-
- 1) De Redakteur, „Antwoorden aan Corps" in „Het Kerkblad", 15 Feb. 1895.
 - 2) Corps, „Het Geref. Beginsel en de Taalkwestie" in „Het Kerkblad", 15 Nov. 1894.
 - 3) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1890, artt. 26, 29.
 - 4) Ibid, 1891, artt. 6, 15, 17.

taal, onze nationaliteit en onze Kerk niet veel te recht komen of 'overblijven". Dit word dus tyd "dat onze Kerk de opleiding tot onderwyzers in handen neemt, en zorgt, dat onze kinderen door behoorlijke onderwyzers worden onderwezen, die niet alleen bekwaam zijn, maar ook een hart hebben voor onze Kerk en voor ons Volk en die niet alles wat niet Engelsch is verachten" ¹⁾. Geen wonder dus dat bg. kommissie vroeër in dieselfde jaar aanbeveel het dat jongmense hulle aan die Teologiese Skool as onderwysers moet bekwaam "daar het goed Christeljk onderwys in zulk en naauw verband met den bloei der kerk en de toekomst der Afrikaner Bevolking staat" ²⁾.

9) Samevatting:

In 1882 het die sinode hom ten gunste van staats-ondersteuning aan kerkskole uitgespreek, behoudens onbelemmerde vryheid ten opsigte van die godsdienstige. Alhoewel heelwat skole daarna op inisiatief van die Gereformeerdes van Transvaal opgerig is, het hulle in hierdie staat vir die eersvolgende jare hul veral vir die verbetering van die goewernementsonderwys beywer ten opsigte van die opleiding van Gereformeerde onderwysers, en die invoering en samestelling van Christelike leerboeke op die goewernementsskole. Ds. S.J. du Toit, 'n man wat die Gereformeerde beginsels toegedaan was, was hier Superintendent van onderwys en daarom het die Gereformeerdes in hierdie staat gevoel dat die goewernementsskole ook hulle skole is.

Ook die Oranje-Vrystaat se Gereformeerdes het heelhartig die sinode se besluit van 1882 onderskryf, want ook daar was die staatskole en onderwyswette, net soos

1) De Redakteur, "De Onderwyzers vergadert te Kimberley", in "De Maandbode", 1 Des. 1891.

2) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1891, art. 6.

in die Transvaal, van so 'n aard dat die Gereformeerdes daar niks op teë gehad het nie. En alhoewel ook heelwat skole op inisiatief van die Gereformeerdes in hierdie staat opgerig is, het hulle hul meer daarvoor beywer om fondse bymekaar te maak ter ondersteuning van aspirant-onderwysers en ook om 'n eie opleidingskerkskool op te rig.

Kaapland, wat egter gebuk gegaan het onder 'n vreemde veroweraar wat die sienswyse van die Afrikaner nie goedgesind was nie, het egter nie op hierdie stadium geneë gevoel om staatsondersteuning te aanvaar nie, aangesien aanvaarding sou beteken dat hulle nie Gereformeerde onderwys sou hê nie. Daarom het hulle aanvanklik die vrywillige beginsel voorgestaan en is etlike Vrye Christelike Skole opgerig, behalwe 'n groot aantal private skole.

Toe dit egter blyk dat hierdie beginsel nooit op die skole deur wetgewing toegepas sou word nie, en nadat dr. L. Dale, Superintendent van Onderwys, in 1888 aanbeveel het dat ondersteuning ook gegee moet word aan private skole, het hulle dit aanvaar. En nou is baie skole opgerig met staatsteun. Op aanbeveling van 'n kommissie van die Algemene Vergadering om wetgewing sodanig verander te kry dat ook kerkskole uit publieke fondse ondersteuning kon kry, is aanbevelings in dier voege aan die Parlement voorgelê maar sonder gevolg.

Nadat die sinode in 1897 besluit het dat die Gereformeerdes in Suid-Afrika kerkskole moet oprig, het die Gereformeerdes deur die hele land daaraan gehoor gegee. Dog voordat hierdie besluit deur die verskillende gemeentes met sukses uitgevoer kon word, het die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek en is alle verdere onderwys-ondernemings hiermee vir die 19e eeu die nek ingeslaan.

Die leerlingetal wat onderwys ontvang het in die verskillende gemeentes, het vanaf 1882 verbasend gestyg. Ook wat die aantal Gereformeerde onderwysers betref, was daar 'n baie groot verbetering te bespeur, alhoewel dit nog glad nie in die behoeftes voorsien het nie.

Daar dien egter op gelet te word dat nog maar steeds 'n groot aantal skole voorberei het vir belydenis. Dit was slegs Transvaal wat aanvanklik klem laat val het op Suid-Afrikaanse geskiedenis en Aardrykskunde in die skole se leerplanne. Kaapland en die Oranje-Vrystaat het eers daarmee gevolg nadat prof. D. Postma die insluiting van hierdie twee vakke in die skole se leerplan sterk bepleit het in 1887.

Nog 'n vak wat in elkeen van die Gereformeerde skole aandag geniet het, was Engels. Maar Hollands was die voertaal in al die skole, want vir die Gereformeerde was taal en nasionalisme twee dinge wat onafskeidelik aan mekaar verbonde is. Daar is dan ook verklaar dat die Gereformeerde Kerk staan en val by die Afrikaanse boerestand.